Nuwe Skeppingswerklikhede Reeks

DANKSEGGING

Jou pad
na 'n dieper
Verhouding met God

Jan van Rooyen

Danksegging:
Jou Pad na 'n dieper Verhouding met God

Danksegging is Verbondsaanbiddings Interaksie met God...

deur
Jan van Rooyen

© Kopiereg 2023 - Jan van Rooyen. Dit beteken: **"Kopieer dit Korrek!"**

Hierdie werk is gelisensieër onder die "*Creative Commons Attribution-NonCommercial-NoDerivatives 4.0 International*" lisensie. Om 'n afskrif van hierdie lisensie te bekom, besoek http://creativecommons.org/licenses/by-nc-nd/4.0/ of stuur 'n brief aan, *Creative Commons, Posbus 1866, Mountain View, CA 94042, VSA.*

Skrifte gemerk AOV is geneem uit die "AFRIKAANS 1933/1953 VERTALING (AV): AFRIKAANSE OU VERTALING, (AOV)" publieke domein. Kopiereg © 1933, © 1953" deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou (www.bybelgenootskap.co.za).

Neem kennis dat die naam satan en verwante name nie hoofletters bevat nie. Ons kies om hom nie te erken nie, selfs tot die punt dat ons grammatikale reëls oortree.

RAIN International SA Publikasies
Posbus 648
Edenvale 1610, Suid Afrika

"Bevordering van Harmonie met die Beeld van Christus"

Vir Wêreldwye Verspreiding.
e-Boek ontwerp in die Republiek van Suid-Afrika.
Eerste Uitgawe - Desember 2023

Hierdie e-Boek en alle ander RAIN International SA Publikasies is tans aanlyn beskikbaar by:
WisdomBooks.co.za

Vir meer Inligting oor ons Boeke,
skakel: **+27.83.391.7980**
Of, kontak ons deur ons Webtuiste:
www.raininternational.com

OPGEDRA AAN ANNIKA

Ek dra hierdie boek met 'n dankbare hart op aan my pragtige en liefdevolle vrou, Annika. Jou naam is afgelei van jou "doop" naam Johanna, wat "Genade of Gawe van God" beteken. En jy het beslis God se Genade aan my bewys tydens die skrywe van hierdie bundel.

Dankie vir jou rotsvaste liefde, geduld en aanmoediging... Selfs net om my te kry dat ek gaan sit en skryf. God het beslis geweet wat Hy doen toe Hy ons twee bymekaar gevoeg het!

Ek is meer lief vir jou vandag as gister... maar nie so veel soos môre nie...

ERKENNING EN WAARDERING

Aan Pastoor Thamo Naidoo, my geestelike vader en vriend, wie se insig in die Woord van God my aangespoor het om my Hemelse Vader en Sy Seun, Jesus Christus, te leer ken op maniere en dieptes wat ek nie geweet het moontlik is nie.

Aan my eerste geestelike vader, Dr. Ron Kussmaul, wie se voorbeeld 'n brandende begeerte en honger vir die Woord van God in my wakker gemaak en aangewakker het.

Aan my geestelike Huishouding, die RAIN International Familie. Dankie vir julle standvastigheid in gebed, aanmoediging en ondersteuning met alles en elke projek wat ek aanpak en waarin ek myself "dompel."

Aan Leon en Riana Fouché vir die eer en voorreg wat hulle my gegee het om my gedagtes oor danksegging met hul familie en vriende te deel op Dankseggingsdag, Sondag, die 26ste November, 2023.

Aan die Heilige Gees, my Leermeester... U is die Een wat my in staat stel om die Stem van my Vader te "hoor"...

VOORWOORD

Hierdie bundel vind sy oorsprong vanuit 'n boodskap wat ek op Sondag, die 26ste November, 2023 met 'n familie Gelowiges gedeel het.

Ons het dié dag toegewy as 'n dag van danksegging, met 'n dankseggings ete, 'n oomblik van bepeinsing, gedagtes deel met mekaar, en samesyn. Geskenke is ook uitgeruil. Dit was 'n wonderlike belewenis toe elkeen hul stories van dankbaarheid teenoor die Here aan ons vertel het. Getuienisse van God se getrouheid was volop!

Die belangrikheid van danksegging het duidelik geword vir almal toe ek die basiese beginsels van danksegging uiteengesit en verduidelik het. Menige gelowiges in die Liggaam van Christus versuim om die Here en diegene rondom hulle voldoende te dank. Wanneer ons die Skrif ondersoek, ontdek ons die belangrikheid van hierdie geloofs-aksie en hoe dit oor en oor in die Bybel beskryf word. ***Maak Danksegging deel van jou daaglikse leefwyse!***

'n Bietjie Geskiedenis oor my Dankseggings "Pelgrimstog"

Die 29ste Julie 1978 staan uit as 'n baie spesiale dag in my persoonlike verlede. Dis die dag toe ek my lewe opnuut aan die Here oorgegee het!

Tydens hierdie tydperk was ek in diens as 'n vegvlieënier in die Suid-Afrikaanse Lugmag. Die milieu waarin ek myself toe bevind het, het meestal my leefwyse voorgeskryf. Om 'n welgevallige lewe voor die Here uit te leef was, om die minste te sê, uiters moeilik! Trouens,

innerlik was ek besig om ineen te stort, en dieselfde kan maar gesê word van my eksterne omstandighede.

Ek was ongeveer drie jaar oud toe my Pa, Johan van Rooyen, my na Jesus toe gelei het. Hierdie ervaring en ondervinding het 'n blywende indruk op my gelaat en is in my geheue ingegraveer. Hierdie gebeurtenis het so 'n "merk" op my gelaat dat selfs tydens my "teruggevalle" jare ek dit nie kon afskud nie!

My "terugkeer" na die Here toe het 'n soortgelyke voortdurende *afdruk* op my bewussyn gelaat. Dit het my nog meer vasberade gemaak in my soeke na Christus en om Hom in al Sy volheid te leer ken!

In Desember 1978 is ek in water gedoop. Dit is nadat ek myself onderwerp het aan die Woord van God en tot ander insigte gekom het met betrekking tot die "*Besprinkeling van Babas*" leerstellings.

Verder moes ek ook my denke vernuwe aangaande die vervulling (doop) met die Heilige Gees. Toe ek uiteindelik besef dat dit God se wil vir my was, het ek my hart voorberei om hierdie belofte van God te ontvang. Op die aand van die 31ste Mei 1981 het ek God se heerlikheid ervaar en is ek "toegerus met krag uit die hoogte" - *Lukas 24:49 (AOV)*.

Waarom dit alles met Jou deel?

Wel, vir die eerste keer in my lewe was ek werklik dankbaar. Die oomblik toe ek waarlik die waarde van dankbaarheid teenoor God begryp het, was dit die einde van my "ou" lewensuitkyk. Die verreikende gevolge en

omvang van wat Christus vir my gedoen het was 'n ontsaglike openbaring vir my! Die vreugde van God het my hart vervul en ek het onmiddelik my "dankseggingreis" aangepak. Danksegging het 'n nuwe dimensie in my daaglikse aanbidding onthul.

My skriftuurlike kennis omtrent danksegging was baie beperk op daardie stadium van my verhouding met Christus. So, ek het basies gedoen wat ek in my hart geglo het is welgevallig vir God. Daar is egter niks anders wat die integriteit en waarheid van die Woord oortref wanneer ons 'n probleem of ander vraagstuk in die gesig staar nie. My volgende stap was dus om die Woord van God te bestudeer en behoorlike navorsing te doen met betrekking to Sy gedagtes oor danksegging.

Hierdie e-Boekie is 'n opsomming van 'n versameling insigte wat die Heilige Gees my oor die jare gegee het. Daar kan natuurlik ook baie meer oor die onderwerp gesê word. Maar, my uiteindelike doel is om jou toe te rus met kennis wat jou in staat sal stel om jou danksegging teenoor die Here prakties uit te leef.

Temas en Onderwerpe wat ek sal Bespreek

- Hoe danksegging 'n verdieping in jou verhouding met jou hemelse Vader teweeg sal bring.
- Die realiteit en egtheid van danksegging as 'n leefstyl - danksegging is God se wil vir jou.
- Hoe gehoorsaamheid aan God se duidelike opdrag om Hom te dank jou innerlike geestelike postuur en samestelling verander. Wanneer jou interne

morfologiese ontwerp gestalte begin vind in Christus *(Galasiërs 4:19)*, sal jou eksterne omstandighede en gesteldheid in lyn beweeg met God se ewige plan vir jou lewe.

- Sodra jy die punt in jou geloof bereik waar jy dit kan toepas om jou innerlike gesindheid een van danksegging te maak, sal die Heilige Gees jou hart omskep na een met 'n blywende dankseggings ingesteldheid.

- Danksegging is nie net 'n mondelingse uitspraak van woorde en die oplig van hande nie. Wanneer danksegging in gees en waarheid gedoen word, weerspieël dit Christus se Nuwe Verbond en is dit daadwerklike aanbidding *(Johannes 4:23-24)*.

- Is danksegging in die Ou Testament anders as danksegging in die Nuwe Testament? As dit wel verskil, hoe verskillend is dit?

Danksegging sal Jou en die Wêreld om jou verander...

Ons leef in 'n milieu waar dit lyk asof niemand meer dankbaarheid toon of waardering het vir die ryk seëninge wat hulle elke dag ontvang nie. Die huidige kultuur blyk een te wees waar 'n "egoïese gees" en egosentriese denkwyse die mensdom se lewens begin oorneem het. In plaas daarvan om dankbaarheid en waardering te betoon, eis mense regte en voorregte wat volgens hulle eintlik "regmatig" aan hulle behoort. Selfs wanneer hulle nie die reg verdien het om iets te besit of the eien nie, maak hulle

aggressiewe aanspraak op algehele "beheer" en eienaarskap!

Irrasionele, onredelike en ongeregverdigde eise word dikwels aan regerings, opvoedkundige instellings, besighede, privaat burgers, ens., gestel. Hierdie lys van eise word by die dag langer! Dit blyk dat mense hulle selfsugtige verwagtings eis bloot net ter wille van die feit dat hulle die sogenaamde "reg" het om dit te kan doen. Vandag se samelewing het wegbeweeg vanaf 'n deernisvolle belangstelling in hul medemens. In plaas hiervan beleef en onderskei ons 'n selfsug, 'n liefdeloosheid en 'n verskriklike gebrek aan omgee en sorg vir mense.

My mening is dat namate ons (die Kerk) gehoorsaam word aan God se opdrag om Hom in alles te dank *(1 Thessalonicense 5:18)*, sal ons gemeenskappe begin verander. Die eerste gemeenskap waar verandering dringend nodig is, is ons kerkgemeenskap. Sodra danksegging deel begin word van ons "kerkkultuur," sal die wêreldlike (sekulêre) gemeenskappe om ons begin verander. Verandering in dié konteks dui op 'n positiewe skuif na 'n milieu waarin God se regverdige gesag seëvier!

My gebed vir jou is eenvoudig. Ek vra dat jy God se opdrag gehoorsaam sal wees om danksegging teenoor Hom te betoon. Die uiteindelike gevolg is dat jou lewe 'n betekenisvolle voorbeeld vir ander sal word!

Jan van Rooyen
Desember, 2023

Hierdie boekie sal nie langer as 120 minute neem om te lees nie. En, ek gee dit gratis aan jou! Dit is joune om te lees en te geniet. Maar, ek vra jou 'n groot guns? My hoop is dat sodra jy hierdie boekie klaar gelees het, die waarde daarvan soveel vir jou sal beteken dat jy graag 'n bydrae sal wil maak! Dit kan jy op twee maniere doen:

Eerstens, deel dit met iemand anders sodat hulle ook die seën en nuttigheid daarvan kan geniet. ***Tweedens***, gaan na RAINInternational.com/Gee waar jy ook finansieel kan bydra met soveel as wat jy dink dié boekie vir jou werd is. Dit kan vyftig Rand wees, of dit kan 500 wees... Dis absoluut jou besluit!

Geniet jou reis saam met my!

Jan van Rooyen

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
Hoofstuk Een	Daar's meer te sê oor Danksegging ….	1
Hoofstuk Twee	Dit is die Wil van God vir jou ….....	10
Hoofstuk Drie	Wat beteken Danksegging? …….....	18
Hoofstuk Vier	Danksegging - een met Verbond	34
Hoofstuk Vyf	Die Stadskerk en Danksegging ….....	48
	Erkennings en Verwysings ....……..	i
	Hulpbronne deur Jan van Rooyen	iii

Hoofstuk Een

Daar's meer te sê oor Danksegging

"En as julle 'n ***lofoffer*** *aan die HERE bring,*
moet julle dit so offer*, dat julle welgevalle*
kan vind."

Levitikus 22:29 (AOV)

Danksegging… Deesdae praat almal daaroor!

"...Ons moet meer danksegging gee..."

"...Ons moet Danksegging meer gereeld vier..."

"...O, daardie Dankseggingsdiens was so gesalf..."

"...Ons moet dankbaarheid met meer diepte uitleef..."

Dit blyk dat die woord *danksegging* 'n soort gonswoord of trefwoord is wat ons gebruik om gesprekke mee te begin. Ek verklaar vandag teenoor jou dat die betekenis van danksegging veel dieper gaan as wat ons aanvanklike gedagtes daaroor mag wees!

So, wat is danksegging nou eintlik?

Wel, dis beslis nie net 'n vinnige "dankie sê" aan iemand waarna ons die hasepad kies of net rustig voortgaan met ons lewens nie. Dit gaan ook nie oor die basiese

bedagsaamheid of beleefdheid wat ons as goeie maniere by pa en ma geleer het nie. Danksegging is baie, baie meer as dit!

Dink aan die laaste keer wat iemand jou regtig uit die diepte van hul hart bedank het. Jou eerste reaksie was waarskynlik een van skone verbasing... *"Sjoe! Hierdie persoon het dankie gesê, en wat ek vir hulle gedoen het was nie eers so belangrik nie!"*

Dink nou weer terug aan dié unieke gebeurtenis. Hoe het jy gevoel na die aanvanklike "skok" om daai "dankie" te hoor en te ervaar? Ek's seker jy't 'n wonderlike gevoel van vreugde en welvaart ervaar.

Dit is die inherente vermoë van danksegging. En, daar is baie meer!

Kom ons rig ons gedagtes nog so 'n bietjie verder en dieper. Hierdie moderne, *alles moet gister gedoen word* wêreld waarin ons vandag leef, het die geestelike dryfkrag van danksegging uit die geheue verloor. Trouens, ek sal so ver gaan om te sê dat ons die **"kuns"** van danksegging byna heeltemaal in onbruik laat verval het!

Jy vra dalk, *"Die kuns van danksegging?"* Ja, daar is 'n kuns verbonde aan danksegging. Ek verwys hier na 'n *vaardigheid* wat deur herhaling in 'n *kuns* of *bekwaamheid* omskep word. Hierdie *aanleg of kundigheid* word duidelik en onmiskenbaar in die Woord van God toegelig en gedemonstreer. Om die toepassing en gesindheid wat met danksegging verband hou ten volle te begryp, moet die Woord van God ons Leermeester wees. Die begeerte na 'n dieper begrip van enige spesifieke onderwerp kan slegs op

en met 'n ***Christosentriese*** grondslag en standpunt verwesenlik word.

Die opskrif van hierdie hoofstuk haal *Levitikus 22:29* aan:

> *"En as julle 'n* ***lofoffer*** *aan die HERE bring,* ***moet julle dit so offer****, dat julle welgevalle kan vind."*
> *Levitikus 22:29 (AOV)*

"Moet julle dit so offer!" Hierdie sinsnede dui op 'n direkte instruksie vanaf die Here wat deur ons gehoorsaam moet word. Danksegging is dus 'n doelbewuste besluit om in ware nederigheid ons wil aan God se wil onderdanig te maak *(Jakobus 4:6,10; 1 Petrus 5:5-6)*. Op sigself is dit nie 'n maklike taak nie, juis wanneer moeilike situasies en omstandighede ons in die gesig staar.

Sodra ons met teëspoed en mislukking te kampe het, is ons menslike natuur geneig om ons omstandighede met negativisme en skeptisisme te bejeën. Die laaste ding wat ons wil doen of sê is: "Dankie, Here!" Tog is dit presies wat die Skrif ons leer. Alhoewel ons harte en denke *(siel)* danksegging wil weerstaan, vereis die Skrif nogtans van ons om danksegging aan God te betoon *(sien Hoofstuk Twee)*.

Weerstand in ons harte teen danksegging kan sy oorsprong hê in 'n "wortel" van hoogmoed. Na my mening is dit nie moontlik om met aktiewe hoogmoedheid in die hart eerbaar danksegging te toon en betuig nie. Trouens, ek glo dat wanneer ons doelgerig gehoorsaam is en ons danksegging teenoor God verklaar, beklemtoon dit ons verootmoediging en nederigheid jeens Hom *(sien Jesaja 29:19; Psalm 10:1-4; Jakobus 4:6)*.

Daar bestaan dus geen twyfel nie! Aktiewe danksegging het sy onstaan in en is 'n direkte uitvloeisel van 'n wilsbesluit om onderdanig te wees aan God se wil!

Wanneer dit kom by die menslike ***"wil,"*** word die betekenis daarvan verduidelik deur die Hebreeuse woord, ***râtsôn - uitgespreek raw-tsone'***. Die begrip en uitleg is nogal veelseggend. Dit sluit die volgende in: *om te verlustig in, om guns te gee, om te geniet en plesier te hê in, om vrywillig in aksie te wees, om geneentheid of goedgesindheid te toon, om jouself te versoen met, om welwillendheid te toon, om tevrede te wees met, om vasbeslote te wees, om jouself aanvaarbaar te maak.*

Dis nogal 'n mondvol. Weereens, die onderliggende beginsel wat ek wil uitlig is die volgende. ***Vir danksegging om eerlik en opreg te wees, moet dit 'n deurdagte en doelmatige besluit wees wat ons neem.*** Dit moet gedoen word ten spyte van die waarneembare en negatiewe tekens en manifestasies wat ons oë geneig is om aan ons te voer!

Nederigheid is van kardinale belang wanneer dit kom by danksegging en die begeerte om die Genade van God te ervaar.

> *Jakobus 4:6, "Maar **Hy gee groter genade;** daarom sê Hy: **God** weerstaan die hoogmoediges, maar **aan die nederiges gee Hy genade.**" (sien ook Spreuke 3:34; 1 Petrus 5:5-6) (AOV)*

Die apostel Paulus skryf die volgende in die tweede brief aan sy geestelike seun, Timótheüs:

> *2 Timótheüs 3:1 "Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. 2 Want die mense sal*

> *liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, **trotsaards,** lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, **ondankbaar,** onheilig, 3 sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, 4 verraaiers, roekeloos, **verwaand,** meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; 5 mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af." (AOV)*

Neem spesifieke kennis van die term, ***ondankbaar*** aan die einde van vers twee. Daar word ook na ondankbaarheid verwys in dieselfde sin as die woord ***trotsaards***. Dit word in dieselfde konteks genoem as al die ander sondige "gedrag." Trotsheid en hoogmoed belemmer en verhinder ons selfs om behoorlik danksegging teenoor God te betoon!

> *Jesaja 66:2 "...Maar **op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm (nederig) is** en verslae van gees, en **wat bewe (eerbiedig is) vir my woord.**" (AOV)*

Danksegging is 'n enorme en wye onderwerp om te bespreek! Dit sal meer as een boek neem om dié hele tema te dek en uit te lê. Met soveel uitgangspunte en sienings met betrekking tot danksegging, is hierdie boek slegs 'n gids en "inleiding" tot en na dieper insigte in God se Woord. Trouens, die doelwit is om jou 'n hupstoot te gee sodat jy in 'n dieper verhouding met jou hemelse Vader kan wandel.

Soos ons dankseggings-studie vorder, sal ons harte *stelselmatig begrip ontvang ten opsigte van die verband tussen danksegging, nederigheid en die genade van God.*

Hier is nog 'n paar Inleidende Gedagtes...

In die hoofstukke wat volg sal ons duidelik die verband tussen gebed, danksegging en verbond ontdek. Trouens, danksegging is beide 'n vorm van gebed en die bewys van God se Verbond met ons. Hier volg 'n paar inleidende gedagtes:

> *Genesis 14:22, "Toe antwoord Abram die koning van Sodom: **Ek hef my hand op tot die HERE**, God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde..." (AOV)*
>
> *Filippense 4:6 "Wees oor niks besorg nie, maar **laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God**." (AOV)*
>
> *Kolossense 4:2 "Volhard in die gebed **en waak daarin met danksegging**..." (AOV)*

Mense in die Bybel wat Danksegging beoefen het

Sonder twyfel is Christus self die mees prominente Persoon wat danksegging in Sy daaglikse lewe uitgeleef het! Hy is die mees akkurate patroon wat ons kan nastreef. Die Woord sê dat ons navolgers van Hom moet wees:

> *Efésiërs 5:1, "**Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders...**" (AOV)*
>
> *1 Thessalonicense 1:6, "En **julle het navolgers van ons geword en van die Here** deurdat julle die woord in baie verdrukking ontvang het met die blydskap van die Heilige Gees, 7 **sodat julle voorbeelde geword het vir al die gelowiges...**" (AOV) (sien ook 1 Korinthiërs 11:1; 4:15)*

Hier is 'n aantal geleenthede waar Jesus danksegging aan Sy hemelse Vader betoon het:

> *Matthéüs 11:25, "In daardie tyd het Jesus gespreek en gesê: **Ek loof (danksegging) U, Vader**, Here van die hemel en die aarde..." (AOV)*
>
> *Matthéüs 26:27, "Toe neem Hy die beker, **en nadat Hy gedank het...**" (AOV)*
>
> *Johannes 6:11, "En Jesus het die brode geneem, **en nadat Hy gedank het...**" (AOV)*
>
> *Johannes 11:41, "Hulle neem toe die steen weg waar die oorledene lê. En Jesus het sy oë opgeslaan en gesê: Vader, **Ek dank U** dat U My verhoor het..." (AOV)*

Ander Bybelkarakters wat Danksegging betoon het:

Dawid:

> *1 Kronieke 29:13, "En nou, onse God, **ons loof (danksegging) U**, en ons prys u heerlike Naam." (AOV) (lees vanaf verse 9-13)*
>
> *Psalm 18:49, "Daarom wil ek U **loof (danksegging)**, O HERE, onder die nasies, en tot eer van u Naam wil ek psalmsing." (AOV)*

Daniël:

> *Daniël 2:23, "U, God van my vaders, **loof en prys ek (danksegging)**, want U het my wysheid en krag verleen, en nou het U my bekend gemaak wat ons van U afgesmeek het..." (AOV) (lees vanaf verse 19-23)*
>
> *Daniël 6:10, "En net toe Daniël verneem dat die bevelskrif geskrywe was, het hy in sy huis gegaan; en hy het in sy bo-kamer vensters gehad wat oop was in*

die rigting van Jerusalem, en ***hy het drie maal op 'n dag op sy knieë geval en gebid en lofprysinge uitgespreek voor sy God, net soos hy tevore gedoen het.****" (AOV)*

Jona:

Jona 2:9, " Ek daarenteen sal aan U offer ***met 'n stem van lof (danksegging)****; wat ek beloof het, sal ek betaal. Die heil behoort aan die HERE." (AOV)*

Simeon:

Lukas 2:27, " En hy het deur die Gees in die tempel gekom; en toe die ouers die Kindjie Jesus inbring om met Hom te handel volgens die gebruik van die wet, 28 het hy Hom in sy arms geneem en ***God geloof (danksegging)****..." (AOV)*

Anna:

Lukas 2:38, "En sy het in dieselfde uur daar gekom ***en die Here geprys en van Hom gespreek (danksegging)*** *met almal in Jerusalem wat die verlossing verwag het." (AOV) (lees vanaf verse 36-39)*

Paulus:

*1 Korinthiërs 1:4, "****Ek dank my God altyd*** *oor julle vir die genade van God..." (AOV)*

Handelinge 28:15, "En die broeders wat van ons lotgevalle gehoor het, het ons daarvandaan tegemoetgekom tot by die Appius-mark en die Drie Herberge; ***en toe Paulus hulle sien, het hy God gedank en moed gevat.****" (AOV)*

Efésiërs 1:15, "Daarom - vandat ek gehoor het van die geloof in die Here Jesus wat onder julle is en die liefde

tot al die heiliges - 16 ***hou ek ook nie op om vir julle te dank*** *as ek aan julle in my gebede dink nie..." (AOV)*

Om die lewe en gedrag van ons Here en Verlosser, Jesus Christus te bestudeer, moet sonder twyfel voorrang in ons lewens geniet! Met dieselfde asem kan ook gesê word dat om 'n studie te doen oor die lewens van "gewone" mense in die Bybel, dit ons 'n dieper insig gee tot hul "menslikheid." Hierdie byna *"geheime"* of *"verskuilde"* waarneming van hul oorwinnings en mislukkings gee aan ons 'n tipe "binnekring" insig oor hul persoonlike verhouding met God.

Om na te dink en te besin oor die lewens van *al* die "helde" van ons geloof *(sien Hebreërs 11)*, gee vir ons 'n definitiewe insig en begrip van die weë van God. Soos Moses, ***leer ons God se weë en nie net Sy dade in ons lewens nie*** *(Psalm 103:7).*

Die volgende Stap...

So, kom ons stap oor na Hoofstuk Twee toe waar die Woord duidelik sal uitwys dat ***Danksegging God se Wil is.***

Bid saam met my:

""Hemelse Vader, ek dank U vir die Waarheid van U Woord oor ***danksegging.*** *Ek glo dat soos ek die Waarheid hieroor leer ken, U my vrymaak van alles wat my daarvan weerhou om in 'n dieper verhouding met U te staan. In die Naam van Jesus. Amen!*

Hoofstuk Twee

Dit is die Wil van God vir Jou

"Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle…"

1 Thessalonicense 5:18 (AOV)

Die titel van hierdie boek is, **"Danksegging - Jou pad na 'n dieper Verhouding met God."** Dit klink byna soos een van daardie stereotipiese frases uit die duisende selfhelp- en motiveringsboeke wat op die Internet beskikbaar is.

Talle van hierdie hulpbronne is geskryf deur beide godsdienstige en sekulêre skrywers. Hetsy deur "toeval" of persoonlike ervaring, het hulle die betekenis en waarde van danksegging en dankbaarheid ontdek.

In die "Voorwoord" van hierdie boek noem ek, *"Hierdie e-Boekie is 'n opsomming van 'n versameling insigte wat die Heilige Gees my oor die jare gegee het."* My doel is nie om alles oor danksegging te "herskryf" nie. Tog, aangesien danksegging God se wil is, deel ek graag my persoonlike ontdekkingstog met jou. 'n Lang reis waarop ek stelselmatig geleer het om gehoorsaam te word aan Sy opdrag.

Op bladsy drie van Hoofstuk een, die vyfde paragraaf, stel ek: *"Alhoewel ons harte en denke (siel) danksegging wil weerstaan, vereis die Skrif nogtans van ons om danksegging aan God te betoon..."* Dis inderdaad eintlik 'n bevel van God af! Ons sal verdere ondersoek instel soos ons vordering maak met hierdie hoofstuk.

Eens op 'n tyd was ek 'n kind...

Wanneer ek 'n terugblik neem na my kinderdae toe, staan sekere gebeure duidelik uit. Besondere tye sluit situasies in waar my ouers my spesifieke opdragte of instruksies gegee het om sekere take te doen of nie te doen nie. 'n Baie sterk herinnering is dat daar definitiewe "gevolge" vir ongehoorsaamheid was! Soms het my gebrek aan gehoorsaamheid gespruit uit 'n onvoldoende begrip van waarom ek gehoorsaam moes wees. Op die ou end het ek verstaan dat die goeie voordele van gehoorsaamheid beslis die oorheersende invloed was met betrekking tot die onaangename gevolge van ongehoorsaamheid. Tog was my gehoorsaamheid nie altyd vanuit my hart nie. *Soos meeste van ons, het ek gehoorsaam omdat ek negatiewe uitkomste wou vermy.*

Later in my lewe, as 'n Lugmag vlieënier, was dit vir my 'n noodsaaklikheid om instruksies en bevele te gehoorsaam. My toekoms het letterlik daarvan afgehang! Die verskil tussen my kinderdae en my lugvaartloopbaan was die feit dat ek onderrig ontvang het in die nodige inligting en kennis. My aanvanklike lugvaartopleiding en -onderrig het byna drie en 'n half jaar geduur! Ek het vertroud geraak met die hoekom, waarom, en hoe om 'n militêre vegvliegtuig met vaardigheid te hanteer en te vlieg.

Lukas 7 vertel aan ons hoe die hoofman oor honderd Jesus gevra het om sy dienskneg te genees. Die hoofman oor honderd was 'n offisier in die Romeinse Leër. Persoonlik verstaan ek sy denkwyse en waarom hy algehele en volkome vertroue in die woorde en instruksies van sy meerderes geplaas het - my agtergrond as militêre vlieënier getuig hiervan. Die hoofman oor honderd het bevele gegee en instruksies ontvang op dieselfde wyse waaraan ek gewoond was.

Kom ons lees uit Lukas 7:

> *"7 ...sê dit maar met 'n woord, en my kneg sal gesond word. 8* ***Want ek is ook 'n man wat aan gesag onderworpe is, en ek het soldate onder my; en vir hierdie een sê ek: Gaan! en hy gaan; en vir 'n ander een: Kom! en hy kom; en vir my dienskneg: Doen dit! en hy doen dit.****" (AOV) (lees gerus die hele verhaal - Lukas 7:2-10)*

Waarom deel ek hierdie stuk met jou?

Ons praktiese gehoorsaamheid (in geloof) aan die beginsel van danksegging is deel van God se proses waardeur ons Christus en Sy Woord *persoonlik leer ken.* ***Christus is die finale gesag in ons lewens en ons onderwerp onsself gewilliglik aan Sy Heerskappy.*** Dit beteken Sy Woord is *"wet"* vir ons en ***wanneer Hy met ons praat, gehoorsaam ons dadelik!*** Ons bereidwillige gehoorsaamheid is baie belangrik en broodnodig met betrekking tot die bou van 'n goeie en werkende verhouding met Hom.

"Maar julle het <u>Christus</u> nie so <u>leer ken</u> nie..." Hierdie sinsnede is 'n uittreksel vanuit Efésiërs 4:

> *"15 …maar,* ***terwyl ons <u>in liefde</u> die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus,*** *16 uit wie die hele liggaam - goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate - die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde. 17 Dit sê en betuig ek dan in die Here, dat julle nie meer moet wandel soos die ander heidene ook wandel in die verdwaasdheid van hulle gemoed nie..." (AOV)*
>
> *"20* ***<u>Maar julle het Christus nie so leer ken nie,</u>*** *21* ***as julle ten minste van Hom gehoor het en in Hom onderrig is*** *soos die waarheid is in Jesus..." (AOV)*

Onderdanigheid aan God se Woord en Sy opdragte kan nie net suiwer "pligmatig" gedoen word nie. Gehoorsaamheid wat goeie vrugte afwerp moet uitermate in ons groei as gevolg van ons verhouding met-, ons onderlinge wisselwerking teenoor-, en ons liefde vir Christus. Ons kan nie net *"didakties"* of op 'n *"prekerige"* manier by en van Hom leer nie. Ons moet Hom behoorlik en diep **"leer ken"** *(sien Matthéüs 11:28-30; Johannes 6:44-45).* Indien nie, sal *"letterlike wettisisme"* ons harte en verstand aangryp en veroorsaak dat ons die Genade van God sal *"misvat" (sien Galasiërs 3; Efésiërs 2:8-10).* Dis die rede waarom ek my persoonlike *pelgrimstog* van groei in gehoorsaamheid met jou deel. Saam is ons korporatiewe reis een waar ons, as die Kerk, ***Christus leer ken*** en onsself voor Sy Genade neerbuig en onderwerp.

Dit is duidelik dat wanneer die Skrif tot ons spreek om iets te doen, dit die wil van God is. Daar is geen twyfel dat dit 'n deurslaggewende bousteen is in ons strewe om

Christus na te volg en te leer ken. ***Gevolglik is danksegging 'n Woord vanaf God wat ons daagliks moet omhels en uitleef!***

Tot nou toe het ons ***nié*** na elke vers in die Bybel gekyk wat oor danksegging handel nie. Om dit te doen kan ons die Bybel lees en deurwerk. Maar, let wel, die voortdurende herhaling waarmee dit genoem word is afdoende bewys oor die belangrikheid daarvan. Let ook daarop dat die woord "dank" ongeveer 180 keer in verskillende vorme voorkom. Dié 180 sluit woorde soos *"ondankbaar, dankofferbul, dankofferlam, ondanks, ens.,"* uit. Dit sluit wel die enkel woord "danksegging" in (sowat 20 verse - AOV). Hier volg net twee verse:

> *Psalm 69:30 (69:31), "Ek wil die Naam van God prys met 'n lied* ***en Hom groot maak met danksegging...****" (AOV)*
>
> *Filippense 4:6, "Wees oor niks besorg nie, maar* ***laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.*** *7 En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus." (AOV)*
>
> *(Daar is verskeie ooreenstemmende verse aangeteken in die Bybel)*

Spesiale dae van Gesamentlike Danksegging

Soos gesien vanuit ons studie tot dusver, is persoonlike danksegging deur elke gelowige individu 'n belangrike en integrale deel van aanbidding. Ek sal so ver gaan om te sê dat 'n aansienlike deel van ons verhouding met ons hemelse Vader aan danksegging toegewy behoort te word.

Met betrekking tot gesamentlike of korporatiewe danksegging, leer die "moderne" geskiedenis ons dat dit 'n groot rol in die lewe van die Kerk speel. Die beoefening van gesamentlike of gemeentelike dankseggings byeenkomste strek so vêr terug as die 1500's.

Ons kan erkenning gee vir die herinstelling van dankseggingsdae aan die invloed en die rol wat gespeel is deur die Engelse Hervorming vanaf die laat 1500's tot vroeë 1600's. Hierdie hervorming het plaasgevind tydens die bewind van Hendrik VIII. Dankseggingsdae en godsdienstige dankseggingsvakansies is gedurende hierdie tyd ingestel.

Ek noem vir interessantheidshalwe dat die Engelse Hervorming sy oorsprong gehad het vanuit die geledere van die sogenaamde "Renaissance humaniste" oftewel, "Renaissance humanists." Alhoewel 'n groot aantal van hierdie "Renaissance humaniste" 'n sekulêre wêrelduitkyk gehad het wat gefokus was op die geaardheid, karaktertrekke en belangrike hoedanighede van die mensdom, was ***verskeie van hulle senior kerkfigure. Hulle het groot waarde en belang geplaas op die Skrif as die middelpunt en grondslag van die Christelike geloof.*** Verder het hulle ook sekere godsdiensgebruike afgekeur omdat hulle van mening was dat hierdie gebruike op bygelowe gebaseer was.

In die vroeë dae van openbare dankseggingsvieringe was hierdie byeenkomste meestal gesentreer op die goedheid van God. Die fokus was veral op Sy seën en bekragtiging van en deur buitengewone genade, oorvloed en goeie oeste. Spesiale en spesifieke danksegging was ook aan Hom

betoon vir diegene wat Hy van rampe, droogtes, militêre bedreigings en ander gevare verlos en gered het.

Ons vind vandag dat verskei lande amptelike dankseggingsdae ingestel het. Australië, Brasilië, Kanada, Duitsland, Liberië, Nederland, Filippyne, Rwanda, Saint Lucia, Verenigde Koninkryk en die Verenigde State, vier almal 'n dag van danksegging. Hierdie dankseggingsvieringe vloei nie altyd of noodwendig voort vanuit 'n godsdienstige oorsprong nie. Maar, terselfdertyd weet ons beslis dat 'n menigte Christengelowiges in hierdie lande gewoonlik hulself toewy aan danksegging teenoor die Here.

Al word daar spesiale dae op ons kalenders toegeken vir danksegging, ***vereis die Skrif dat ons volwassenheid nastreef in ons geloof.*** Dit beteken dat danksegging in ons moet ontwikkel en groei totdat dit 'n standvastige en onveranderlike gesindheid van die hart is. Hierdie geestelike groei strook met God se wil, begeerte en voorneme vir ons *(1 Thessalonicense 5:18)*. God het 'n smagtende begeerte daarna dat ons 'n diep en opregte postuur van danksegging en dankbaarheid in ons harte koester en laat floreer. Indien ons gesamentlik as die Kerk hierdie innerlike "beeld" vervolmaak, sal dit 'n definitiewe en aktiewe lewenstyl van danksegging aan die wêreld openbaar. ***Vir ons as seuns van God is en moet elke dag 'n dag van danksegging wees!***

Waarom is Danksegging so Belangrik?

Waarom plaas die Here soveel klem op die betekenis aan danksegging? Waarom sê Hy dat danksegging Sy wil is vir

ons? Is daar voordele vir beide ons en vir Hom? Laat my toe om my vrae verder te kwalifiseer.

God is wesentlik heeltemaal "selfversorgend" in Homself. In wese het Hy nie "behoeftes" soos ons nie. Sy opdrag aan ons om danksegging teenoor Hom te betoon is egter baie duidelik. So, wat beteken of "doen" danksegging vir God?

Danksegging verklaar Sy grootheid en gee Hom die eer wat Hy toekom. Dink aan die omvang en grootsheid van alles wat Hy vir ons gedoen het en steeds doen. Dit alleen behoort ons uit te daag en te inspireer om ons harte voor Hom in danksegging uit te stort!

Ons doelgerigte leefwyse van danksegging verhef Hom as die middelpunt en Bron van elke goeie en volmaakte gawe wat ons van Hom ontvang en geniet:

> *Prediker 3:12, "So het ek dan ingesien dat daar niks beters onder hulle is nie as om bly te wees en om goed te doen in die lewe. 13 En ook - dat elke mens eet en drink en die goeie geniet by al sy moeitevolle arbeid; dit is 'n gawe van God." (AOV)*
>
> *Jakobus 1:17, "Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader..." (AOV)*
>
> *1 Petrus 4:10, "Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God." (AOV)*

Hoofstuk drie sal groter duidelikheid, diepte en insig bied oor die belangrikheid van danksegging.

Hoofstuk Drie

Die Betekenis van Danksegging

*"Maar **as iemand God liefhet, dié word deur Hom geken.**"*

1 Korinthiërs 8:3 (AOV)

Om die ware betekenis van danksegging te begryp en te verstaan, moet ons 'n studie doen oor God se liefde vir ons, en ons liefde vir Hom. Ons moet dit noukeurig hersien, en met erns bepeins.

Liefde, liefde, liefde ...

Ware liefde vir God en 'n dankbare hart loop hand aan hand saam. Sonder 'n diep en geloofwaardige liefde vir God (wat uiteindelik voortspruit uit Hom wat ons eerste lief gehad het - *1 Johannes 4:19*), kan daar nie 'n suiwer en opregte waardering of dankbaarheid wees nie.

> *Lukas 10:27, "En hy antwoord en sê: **Jy moet die Here jou God liefhê** uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself." (AOV) (lees ook Deuteronómium 6:5; 30:6; Matthéüs 22:37-40)*

(Let daarop hoe die liefde vir onsself, laaste op die "lys" verskyn!)

> *Psalm 107:1, "Loof die HERE, want* ***Hy*** *is goed, want* ***sy *goedertierenheid is tot in ewigheid!"*** *(AOV)* ****[Hebreeus: "want vir ewig [is] sy lojale en getroue liefde"]***

Die Heilige Gees speel 'n belangrike rol wanneer dit by God se liefde kom. Die Woord herinner ons daaraan dat God se liefde in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. God is Liefde en Hy het ons Sy vermoë gegee om lief te hê en soos Hy ook liefde te gee *(Romeine 5:5 - sien ook Judas 1:20-21; Kolossense 3:14-15; Psalm 26:6-8).*

Die apostel Paulus skryf die volgende in die eerste hoofstuk van Filippense:

> *"8 Want God is my getuie* ***hoe ek na julle almal verlang met die innige tederheid*** *van Jesus Christus. 9* ***En dit bid ek dat julle liefde nog meer en meer oorvloedig mag word*** *in kennis en alle ervaring, 10 om die dinge waar dit op aankom, te onderskei, sodat julle rein en vir niemand 'n aanstoot mag wees nie, tot op die dag van Christus..." (AOV)*

Paulus skryf ook aan die Efésiërs in hoofstuk drie:

> *"17 ...sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon,* ***julle wat in die liefde gewortel en gegrond is****, 18 en* ***julle in staat kan wees om*** *saam met al die heiliges* ***ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is****..." (AOV)*

Aan die Korinthiërs skryf Paulus:

> *1 Korinthiërs 13:13, "En* ***nou bly geloof, hoop, liefde*** *- hierdie drie; maar* ***die grootste hiervan is die liefde****." (AOV)*

"... die grootste hiervan is die liefde ..." Alles in ons lewens moet om die liefde van God wentel. Wanneer ons dan God se liefde prakties in daad en danksegging uitleef, bring dit mee dat 'n definitiewe groei plaasvind in ons verhouding met die Vader. Dit is deel van God se *rypwordingsproses* in ons lewens as Sy seuns *(Hebreërs 5; 6:1-3; Efésiërs 4:14-15; Psalm 8:2; Matthéüs 21:16; Kolossense 2:6-7)*.

As Sy seuns stel God ons in staat om Hom goed en behoorlik te dank. Hierdie vermoë om Hom te dank het sy onstaan in ons harte vanwaar ons Hom kan liefhê met dieselfde liefde waarmee Hy ons liefhet. Ons opregte waardering en dankbaarheid vloei dus uit harte gevul met liefde vir Hom. Verder is dit noodsaaklik dat ons te alle tye die liefde van God die middelpunt van ons fokus maak.
(1 Korinthiërs 14:15-17; 1 Johannes 4; Johannes 15:9-13; Johannes 17:23-26).

Ons kan God se liefde op 'n baie dieper vlak ondersoek en op velerlei maniere bespreek. Dit is egter voldoende om te volstaan by die belangrikste motief in ons wandel en verhouding met God, naamlik Sy liefde. Dit beteken, Sy liefde vir ons en Sy liefde geopenbaar in en deur ons. Die liefde van God het *"vlees"* geword met die koms van Jesus op aarde *(Johannes 1:14)*. God se liefde **moet** nou *"vlees"* word in ons en deur ons!

Waardering (agting) of Dankbaarheid. Is daar 'n verskil?

Waardering (agting) definisie: Om 'n hartelike of diepe dankbaarheid te betoon vir vriendelike welwillendheid of voordele wat ontvang word; Om dankbaarheid te verklaar

en te demonstreer, gemotiveer deur diep gevoelens van dankbaarheid; 'n Definitiewe gevoel van voordeel trek; 'n Vriendelike en dankbare gesindheid teenoor iemand van wie 'n guns ontvang is; Bereidwilligheid om voordele te erken en selfs terug te betaal.

Dankbaar(heid) definisie: 'n Gevoel of uitdrukking van dankbaarheid; 'n Gevoel van waardering, bewustheid of agting *(dankbaarheid)* vir iets wat iemand vir ons doen en ons reaksie daarop; Ons erkenning uitgedruk as danksegging wat vanuit dankbaarheid vloei.

Wanneer ons die hedendaagse betekenis en bedoeling van hierdie woorde vergelyk met ooreenstemmende betekenisse in die Bybel, dra hulle basies dieselfde begrippe oor. Dieselfde geestelike diepte word egter nie soos in die Woord oorgedra nie. Tog handhaaf en kommunikeer hulle 'n sekere "aanvoeling," gevoel of emosie. Weereens, is daar werklik 'n verskil tussen die twee woorde?

As sinonieme wat in noue verband met mekaar staan, is albei woorde eintlik eenders. Hulle kan uitgeruil en gebruik word om die opregte gevoelens en gedagtes van 'n persoon uit te druk. Ek is van mening dat ons met sekerheid kan aanvaar en saamstem dat *waardering (agting)*, en *dankbaarheid* baie goed saam meeklink of resoneer. Hier is 'n voorbeeld:

"Ek waardeer dit opreg dat jy hierdie boek oor Danksegging lees. Met 'n dankbare hart dank ek God vir jou!"

*Psalm 92:1 (2), "...**Dit is goed om die HERE te loof (danksegging) en tot eer van u Naam te psalmsing,** O*

Allerhoogste, 2 (3) om in die môre u goedertierenheid te verkondig en u getrouheid in die nagte..." (AOV)

Dankbaarheid is ons besliste, positiewe, liefdevolle en dankbare waardering en reaksie op die Liefde en Genade van God!

Bederfwaarskuwing!

Voordat ons die seëninge van dankbaarheid en waardering verder bestudeer, laat ons vlugtig kyk na wat gebeur wanneer ons versuim om dankbaarheid uit te leef:

> *Romeine 1:20, "Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid,* ***sodat hulle geen verontskuldiging het nie;*** *21* ***omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie;*** *maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister. 22 Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword... 24 Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid..." (AOV) (sien ook 2 Timótheüs 3:1-3)*

Vers 21 van Romeine 1 kan op sigself as basis gebruik word om 'n volledige studie oor die negatiewe gevolge van ondankbaarheid te doen. Vir ons huidige studie en nabetragting doen ek hier slegs 'n kortlikse oorsig.

In vers 21 word die woorde *"…Hom nie as God verheerlik of gedank het nie…"* gevolg deur *"…hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister."* Dit sluit verskeie verborge verwysings en betekenisse in. Hier word verwys na voorstellings en

idees soos *afgodery, vleeslikheid, sielagtigheid, dwaasheid, 'n gebrek aan wysheid en die verlies van onderskeidingsvermoë.*

Hierdie skrifgedeeltes uit Romeine 1 is 'n onweerlegbare bewys en verduideliking van hoe ondankbaarheid die Almagtige God oneer aandoen en die fokus op self plaas - die vermoëns, vaardighede en kwalifikasies van die mens! Vertroue en "geloof" in hierdie *menslike vermoëns* alleen kan en sal uiteindelik tot teenstrydige en negatiewe uitkomste lei. Die Assiriese ballingskap is byvoorbeeld een van die vele gebeurtenisse in die Skrif wat hierdie tema uitwys.

In Bybelse geskiedenis beskryf die Assiriese ballingskap van Juda die uiteindelike gevolge van hul ondankbare houding en standpunt teenoor God. God was goed vir hulle en het hulle altyd geseën! *Tog het hulle die keuse gemaak om op hul eie mag en vermoëns te steun*. Jeremia profeteer hieroor in hoofstuk 1 vers 16:

> *"En Ek sal my oordele oor hulle uitspreek, weens al hulle boosheid; dat hulle My verlaat het en vir ander gode rook laat opgaan het* ***en hulle voor die werke van hulle hande neergebuig het.****" (AOV) (vir verdere studie, lees 1 Kronieke 5:26; 2 Konings 15:29; 17:3-6; Jesaja 10:5-6)*
>
> *2 Konings 18:11, "En die koning van Assirië het Israel in ballingskap weggevoer na Assirië en hulle laat bly in Halag en aan die Habor, die rivier van Gosan, en in die stede van Medië; 12* ***omdat hulle nie gehoorsaam was aan die stem van die HERE hulle God nie, maar sy verbond oortree het*** *- alles wat Moses, die kneg van die*

*HERE, beveel het - **sonder om daarna te luister en te handel.**" (AOV)*

Wat is Ondankbaarheid?

Ondankbaarheid is die teenoorgestelde van *dankbaarheid*. Dit is 'n arrogante, verwaande en liefdelose houding van teenstand en verset teenoor die genade van God. Soos reeds in Hoofstuk Een (bladsy 3 - 5) verduidelik word, is 'n ondankbare gesindheid inherent gewortel in trotsheid wat weier om te erken dat iets goeds en waardevols van God ontvang is. Trotsheid of verwaandheid kweek 'n egosentriese, self-geabsorbeerde en selfsugtige houding in die hart van die mens. Die gevolg is dat dit ons vermoë om danksegging te toon heeltemaal belemmer of selfs blokkeer.

2 Timótheüs 3:2-7 gee 'n diepgaande uiteensetting oor die onverskilligheid van mense se harte tydens die "laaste" dae op aarde. Sommige van die terme wat genoem word sluit in: *"liefhebbers van hulleself, trotsaards, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, onversoenlik, meer liefhebbers van genot (geld) as liefhebbers van God, verwaand, kwaadsprekers, sonder liefde vir die goeie, verraaiers..."*

Dus, uitgedruk op gewone Afrikaans, sal ondankbaarheid die volgende doen:

* In ons sal dit 'n ongesonde, egoïstiese en self-geabsorbeerde hart ontwikkel wat algeheel staatmaak op die vermoëns en talente van self.
* Dit sal dan die grondslag lê vir 'n houding van ontevredenheid, woede en frustrasie.

* Ontevredenheid sal verder ontwikkel in 'n baie negatiewe veroordeling van die *"status quo"* met betrekking tot God, diegene wat gesag oor ons uitoefen, en die mensdom oor die algemeen.

* Die vloei van God se genade en goedertierenheid word dan onderbreek. God se genade vloei slegs na hulle wat nederig is wanneer hulle 'n sterk en diep verhouding met Hom en hul medegelowiges het - *Jakobus 4:6*.

* Op sy beurt veroorsaak dit dat God se seën oor ons lewens begin "afneem" en "minder" word - *Maleági 2:2-3*.

* Daarna, in stede daarvan dat ons in ons eie harte ondersoek instel na die oorsaak van ons probleme, fokus ons op die seëninge van ander. Hierdie onakkurate fokus skep 'n eiegeregtelike innerlike houding en postuur van afguns en hebsugtigheid. Sonder om te skroom, eien ons aan onsself toe die reg en mandaat om te besit wat ander om ons in hul besit het!

* Dit open die deur wyd genoeg vir ons om aanklank te vind by 'n "gemeenskap" wat saamgestel is uit die verkeerde soort "vriende." Hierdie mense trek ons aan omdat hulle dieselfde gesindhede en eienskappe in hul harte het as ons.

* Die natuurlike gevolg is dat ons denke so beïnvloed word dat enige besluite en keuses wat ons maak inherent foutief en onjuis sal wees. Dit is die ongunstige uitkoms wat ons dan oes weens gebrekkige, onvoldoende en onware raadgewing.

* Die uiteinde van die saak is dat ons lewens en toekoms die risiko en gevaar loop om heeltemaal uit God se wil uit te beweeg. Dit beteken verder dat omstandighede onverklaarbaar kan begin afwyk van hoe ons dit oorspronglik gesien en beplan het. Dis 'n resep vir groot skipbreuk van ons geloof indien ons nie terugdraai na God toe nie! - *Psalm 28:3-5; 1 Timótheüs 1:18-19.*

En nou, al die Mooi Dinge oor Danksegging!

Eerstens, danksegging is 'n doelbewuste en positiewe reaksie teenoor die Liefde en Genade van God. Dit behels ons algehele en opregte nederigheid voor die Here:

> *Jakobus 4:6, "Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: **God** weerstaan die hoogmoediges, maar **aan die nederiges gee Hy genade.** 7 **Onderwerp julle** dan **aan God;** weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. 8 Nader tot God, en Hy sal tot julle nader..." (AOV)*

> *1 Petrus 5:5, "Net so moet **julle, jongeres, aan die oueres onderdanig wees;** en **wees** almal **met ootmoed bekleed** in onderdanigheid aan mekaar, want **God** weerstaan die hoogmoediges, maar **aan die nederiges gee Hy genade.** 6 **Verneder julle dan onder die kragtige hand van God,** sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd." (AOV)*

> *Spreuke 3:34, "As dit spotters betref, spot Hy, maar **aan die ootmoediges gee Hy genade.**" (AOV)*

Tweedens, danksegging wysig en verskuif ons fokus weg vanaf ons self-misleidende grootsheidswaan, en vestig ons oë terug op die Here as die algehele en volkome Bron

van ons lewens. As gevolg hiervan kom ons dan tot die besef dat ***ons nie "selfgemaakte" mense is nie***... Die begrip dat alles wat ons is en waarmee ons geseënd is vanuit die hand van ons hemelse Vader kom, word ons werklikheid en Waarheid *(sien ook Deuteronomium 8:11-18).*

> *Psalm 100:3, "Erken dat die HERE God is:* ***Hy het ons gemaak, en ons is syne,*** *sy volk en die skape van sy weide. 4* ***Gaan sy poorte in met lof, sy voorhowe met lofgesang;*** *loof Hom, prys sy Naam." (AOV) (lees gerus die hele Psalm 100, dit is slegs vyf verse).*
>
> *Kolossense 2:6, "Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom, 7 gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof, soos julle geleer is,* ***terwyl julle daarin oorvloedig is in danksegging.****" (AOV)*

Probleme met negatiewe spraak en kommunikasie? *Danksegging sal 'n onvergenoegde, onvoldane, en bitter hart omskep na een van ootmoedigheid en dankbaarheid.* Gereelde danksegging sal 'n stelsematige proses begin waar "negatiewe" woorde wat gereeld uitgespreek word planmatig en ordelik deur die Heilige Gees verander word. Hierdie "ommekeer" en verwisseling sal 'n "nuwe" woordeskat teweeg bring wat voldoen aan die wil en Woord van God *(Efésiërs 4:29; 5:4).*

Danksegging lei tot Vreugde!

Opregte danksegging en dankbaarheid het tot gevolg dat ons harte oorloop van vreugde (Psalm 21:1; 23:5; Nehemíah 8:10). Danksegging teenoor die Here vir Sy oorvloedige goedheid (selfs in moeilike tye), open ons harte as poorte van vreugde! *(sien Johannes 7:38). Psalm 126* wys duidelik

hoe God se volk, na hul ballingskap in Babilonië, danksegging aan Hom betoon het vir hul terugkeer na Israel toe. Hierdie Psalm openbaar met onmiskenbare sekerheid die vreugde wat uit Israel se harte gestroom het!

Alhoewel die primêre fokus van danksegging ons aandag op God vestig en Hom verheerlik, is die vreugde wat vanuit ons binneste vloei 'n duidelike en ooglopende seën en voordeel wat ons ontvang. Danksegging verseker ook dat God se vrede in ons harte voortgebring word. Die uitkoms hiervan is 'n meer intieme en dieper geloof en vertroue in en met ons hemelse Vader. Ons "beweeg" dus "nader" aan die Here en die gevolg is 'n diepe, geestelike genoeë en tevredenheid. Die voordele "lys" is eintlik eindeloos *(Jeremia 9:23; Matthéüs 5:8; Kolossense 2:7; 3:15-17; 1 Petrus 1:8; Jakobus 4:7-8)*.

In die Afrikaanse ou Vertaling (AOV) van die Bybel verskyn die woorde "vreugde, blydskap, verheug, ens.." gesamentlik meer as 70 keer in die Nuwe Testament. Die Griekse woord wat hier gebruik word, is *"chara" (Strong's #G5479)*. Soos genoem, word dit ook vertaal as *blydskap (62), verheug (11), vreugde (7)*.

Chara word afgelei van *"chairo"* (*Strong's #G5463)*. Sommige van die woorde wat gebruik word om *chairo* te vertaal se betekenisse sluit in: *Juig (2), bly (7 verskillende vorme), verheug (11), gegroet (13), vreugde (7), jubel (1), ens..*

Op sy beurt word *chairo* afgelei van die woord *"charis" (Strong's #G5485)*. Dit is die woord wat die meeste gebruik word in die Nuwe Testament vir *genade*. Verder word dit ook weergegee en geïnterpreteer as: *Genade (129), guns*

(9), dank (41), begenadig (2), geskenk (7), genadig (6), vreugde (7), dankbaar(heid), vryheid, bedank, ens..

In wese kan *charis* opgesom word as: *genadigheid of 'n verblydende aksie of daad (abstrak of werklikheid; letterlik, figuurlik of geestelik). Dit geld veral met betrekking tot God se invloed op ons harte en die weerspieëling daarvan in hoe ons dit uitleef. Die term charis sluit onder andere in: dankbaarheid, aanvaarding, voordeel, guns, (ge)skenk, genadigheid, vreugde en vryheid van gees, plesier, dank, prysenswaardig of loflik in.*

Wanneer ons hierdie woorde en hul omskrywings noukeurig nagaan, vind ons 'n duidelike harmonie, verhouding en ooreenkoms tussen hulle. *Danksegging* en *vreugde* het albei een gemeenskaplike woordgedeelte (wortel), naamlik Genade. ***Beide danksegging en vreugde is "gewortel" in die genade van God!***

> *Psalm 119:7, "Ek sal U* ***loof (lofprysing en danksegging)*** *in opregtheid van hart as ek u regverdige verordeninge leer." (AOV)*

So, kom ons delf nog "dieper" in die betekenis van Danksegging en God se Genade...

Ou Testament:

Een van die vroegste vermeldings van danksegging staan opgeteken in *Levitikus 7:12 (AOV)*. Die term wat in dié vers gebruik word is "lofoffer."

> *"Ingeval hy dit as* ***lofoffer*** *bring, moet hy by die* ***lofoffer*** *bring..."*

Hier is die betekenis van die woord "lofoffer" *(danksegging)*: *(Hebreeus)* ***tôdâh*** *(uitgespreek) to-daw' = om dank of danksegging te betoon met sang, lofprysing, aanbidding, om in 'n ry te marsjeer of in ritmiese pas te beweeg, (op te) offer, offergawe, lofdankoffer, om dank of danksegging uit te spreek, om mondelings plegtig te verklaar.*

Die woord ***"tôdâh"*** is afgelei van die woordgedeelte (wortel woord) ***"yâdâh"*** *(moet dit nie verwar met die woord "yâda'" nie, wat intimiteit beteken soos in 'n huweliksverbond en -verhouding).*

(Hebreeus) ***yâdâh*** *(uitgespreek) yaw-daw vanaf* ***yâd*** *(yawd) =* ***oop hand****.*

In die Geometrie *(Engels: Gematria) (die studie van die numeriese waardes van letters, woorde en sinne)*, is die totale waarde van ***yâd*** gelyk aan ***405***:

y *=* ***400*** *= Hebreeus:* ***Tav*** *- betekenis: Waarheid*

â *=* ***1*** *= Hebreeus:* ***Aleph*** *- 1x1 = 1 - die Eenheid (saambestaande Drie-eenheid) van God, vader, meester of hoof, leraar (onderwys), eenheid, voorrang, eerste, begin, prins, leier.*

d *=* ***4*** *= Hebreeus:* ***Dalet*** *- betekenis: deur, gesag, regering, heerskappy, heers, oorheersing, oppermag, kroongebied, koninkryk, pad, weg, portaal of poort na die hemel.*

h *=* ***5*** *= Hebreeus:* ***Heh*** *- betekenis: genade, bediening, diens, evangelie, vrugbaarheid, aanloop, vinnige beweging, gesalfde, gebede en beskerming.*

Wanneer die numeriese waardes van ***"â"*** en ***"d"*** *bymekaar getel word, is die totaal vyf (5)*; ***dit is die getal vir God se Genade***. Die ***"h"*** aan die einde van ***yâdâh*** *het ook 'n waarde van 5*. Weereens beteken dit ***die Genade van God***. Op sy eenvoudigste vorm dra dié woord ***yâd-âh*** die strekking en betekenis oor aan ons van die Waarheid, gesag, heerskappy en Genade van God. Dis veral opmerklik met die opheffing van ons hand(e) tydens danksegging ***(yâd*** *(yawd) =* ***oop hand)***. *(Sien ook Sagaría 4:7; Johannes 1:16)*

Nuwe Testament:

Die finale vermelding van danksegging in die AOV vind ons in *Openbaring 7:12*:

> *"Amen! Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die* ***danksegging*** *en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen."*

In hierdie vers beteken "danksegging": *Grieks: eu**charis**tia (uitspraak) yoo-khar-is-tee'-ah = dankbaarheid, aanbidding, dankbaarheid mondelings uitgespreek, weldadigheid, mededeelsaamheid, voordelig, om te bevoordeel, voorspoedig wees, welwillend te wees, om vrylik te gee, om te vergoed vir wat gegee is, beskerming gedurende tye van gevaar*.

*"Eu**charis**tia"* bevat die woordgedeelte (wortel woord) ***"charis"*** *= (uitgespreek) khar'-ece = Genade = dit wat vreugde en genotvolheid bring, grasieuse spraak, guns, liefdevolle goedhartigheid; God se selfstandige "materie" en bemagtigende invloed in ons lewens; God se gesag en heerskappy oor ons. Die woord beteken ook om te groet,*

eerbied te betoon, ***om te salueer!*** *Vandaar die opheffing van veral die regterhand (salueer) na die Here.*

Om af te sluit, som ek soos volg op:

In hierdie studie tot dusver sien ons deurgaans in die Skrif die belangrikheid en rol wat "Genade" in danksegging speel!

Liefde, nederigheid, onderdanigheid en genade vorm die basiese raamwerk en milieu van ons danksegging. Wat ook duidelik is is die voorrang en belangrikheid daarvan om danksegging verbaal en met gevoel teenoor die Here uit te spreek. Ons woorde moet uit 'n opregte en dankbare hart vloei. Indien ons dit nie so doen nie, "mors" ons eintlik maar net ons asem... Verder moet woorde van danksegging opgevolg word met praktiese aksies en dade wat ons dankbaarheid duidelik toon.

> *Jakobus 2:14, "Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie? 17* ***Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood.*** *18 Maar iemand sal sê:* ***Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon.*** *(AOV)*

Danksegging is dus 'n praktiese uitlewing van ons geloof wat uit verskillende elemente saamgestel is. Dit is opgestel vanuit verskeie geestelike en skriftuurlike beginsels, soos byvoorbeeld: *Om eer te bewys aan ander; om geskenke te gee; om die geestelike of fisieke behoeftes van iemand te bedien; om in jou plaaslike gemeente of gemeenskap te dien; om liefde aan jou man of vrou te betoon; die toon van liefde teenoor jou gesin, ens..* Die waarde en geldigheid

van hierdie beginsels kan beslis nie in twyfel getrek word nie.

Meer gesaghebbend is wel die feit dat die hooftema vervat in hierdie skrywe (soos beskryf in die Voorwoord en die daaropvolgende hoofstukke), gesentreer is op ons verhouding met ons Vader. Die eintlike middelpunt en konteks is ons persoonlike interaksie met en aanbidding van ons hemelse Vader.

Met hierdie perspektief in gedagte, sal Hoofstuk Vier ons in staat stel om die meriete en deugsaamheid van die opheffing van ons hand(e) in danksegging en aanbidding te ontdek. Die opheffing van hande verklaar en bevestig ons onderdanigheid, geloof en vertroue ten opsigte van ons verbondsverhouding met God deur Christus.

Hoofstuk Vier

Danksegging: Getrouheid aan God se ewige Verbond

"Toe antwoord Abram die koning van Sodom: ***Ek hef my hand op tot die HERE, God, die Allerhoogste,*** *die Skepper van hemel en aarde..."*

Genesis 14:22 (AOV)

Die Bybel is 'n omvattende en volkome rekord van die Verbond tussen God en sy seuns *(volk)*. Hierdie ewige Verbond het reeds in Christus bestaan ***voor*** die grondlegging van die wêreld *(Efésiërs 1:4; 1 Petrus 1:20; Openbaring 13:8)*.

Christus Self is ewig, en al God se voorafbepaalde planne, mikpunte en doelstellings duur vir ewig voort en het hul bestaan in en deur Hom (Christus). Johannes 1:1-3 noem dat *"in die begin"* alles deur Christus (die Woord) ontstaan (*geskep, voortgebring, gerealiseer, tot stand gekom, tot gestalte gekom)* het *(sien ook Genesis 1:1; Hebreërs 11:3)*. Christus is die Begin en die Einde. "Alle dinge" *(alles)* wat bestaan, het sy oorsprong *(is toeberei, gereed gemaak, klaargemaak)*, het substansie *(materie waaruit iets bestaan)* en *"kern, omvang of wese"* in

Christus. *"Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie."*

> *Openbaring 1:11, "**Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde...**" (AOV)*
>
> *Johannes 1:1, "**In die begin** was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. 2 Hy was in die begin by God. 3 **Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.**" (AOV)*
>
> *1 Johannes 1:1, "Wat **van die begin af was...** ...die Woord van die lewe..." (AOV)*
>
> *Hebreërs 11:3, "Deur die geloof verstaan ons dat **die wêreld deur die woord van God toeberei is,** sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie." (AOV)*
>
> *Efésiërs 1:4, **"...soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld** om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees..." (AOV)*

Hierdie verse toon duidelik aan dat God se plan van Verlossing reeds in plek was *voordat* die skepping tot stand gekom het. Vir hierdie realiteit om reeds voor God se skepping *en die bestaan van tyd* 'n werklikheid te kon wees, beteken dus dat God se Verbond met ons, in en deur Christus, ook alreeds bestaan het! Neem verder in aanmerking dat *die hoof onderwerp van die Skrif*, soos in algehele totaliteit vervat in die Bybel, *handel oor Christus*. ***Vanaf die eerste vers in Genesis tot die laaste vers in Openbaring - die Skrif is die Openbaring van Christus aan ons!***

> *1 Petrus 1:18, "...julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, 19 maar deur die kosbare bloed van* ***Christus…*** *20* ***wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil,*** *21 julle wat deur Hom glo in God wat Hom uit die dode opgewek en Hom heerlikheid gegee het, sodat julle geloof en hoop op God kan wees." (AOV)*

Abram was 'n Verbondsman

Laat ons Genesis 14:22 hersien soos aangehaal aan die begin van hierdie hoofstuk:

> *"Toe antwoord Abram die koning van Sodom:* ***Ek hef my hand op*** *(om te* ***sweer*** *of onder* ***eed*** *te verklaar;* ***plegtige verklaring****) tot die HERE, God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde..." (sien ook Deuteronómium 32:40; Jesaja 62:8 Daniël 12:7; Openbaring 10:5,6) (AOV)*

Die woorde ***"sweer of eed"*** dui op 'n plegtige verklaring waar God as Getuie aangeroep word. In die Skrif word 'n eed gewoonlik afgelê om 'n verbond te bevestig en te bekragtig. ***"Sweer"*** word ook vertaal as; ***"eed, gelofte, 'n belofte maak."*** Die Strong's Konkordansie verklaar dit as volg:

> *Strong's #H7650 (Heb)* ***shâba'*** *= (uitspraak) shaw-bah' = om jouself te "sewe," dit wil sê,* ***sweer*** *(asof om 'n plegtige verklaring sewe keer te herhaal): -* ***besweer, plegtig onder 'n eed verklaar, met 'n eed,***

'n eed aflê, aanleiding gee om te sweer, teweegbring dat iemand sweer of 'n eed aflê.

Die vroeë of antieke geskiedenis van die mensdom wys deurgaans dat dit 'n gevestigde instelling was om verbonde aan te gaan en/of ede af te lê. Dit was vaste praktyk met betrekking tot die bewys van getrouheid, nakoming van beloftes, lojaliteit, en 'n plegtige verbintenis as verbondsgenoot. Wat duidelik merkbaar is van die outyd, is dat verbonde veral gesluit is met en waar soewereine *(gebieders met die hoogste gesag, vorse, oppermagtiges)* betrokke was. Sulke verbonde was bindend, vernaamlik met betrekking tot die uitvoering van heilige pligte of bepaalde funksies. ***In antieke Israel kon ede en verbonde slegs in die naam van God afgelê en bevestig word.*** Die werklikheid is dat dit algeheel verbode was om 'n eed of verbond te sweer in die naam van afgode of enige geskape voorwerpe of wesens. God is daadwerklik en spesifiek aangeroep om te verseker dat 'n behoorlike rekord gehou sou word en dat Hy as Getuie teenwoordig was.

Om hierdie rede, wanneer Abram aan die koning van Sodom te kenne gee dat *hy sy hand opgelig en teenoor die Here sy* ***erewoord gegee (gesweer)*** *het, bevestig hy sy* ***verbondsgenootskap*** *met God.* Op hierdie spesifieke geleentheid verwys Abram na 'n eed of verbond wat voorheen gesluit is of selfs een wat *daar en dan* gemaak is met God. Hy het aan die Here gesweer dat:

> *"...ek geen draad en geen skoenriem, ja, dat ek niks sal neem van alles wat uwe is nie, sodat u nie kan sê nie: Ek het Abram ryk gemaak..." Genesis 14:23 (AOV)*

In hierdie teksvers sê ***Abram baie duidelik dat hy niks van Sodom se koning sou neem of ontvang nie. Waarom nie? Ek glo vas dat hy nie sy verbond met God wou verbreek of skend nie!*** Die volgende vrae wat ons ook hier moet vra, is: "Was Abram ryk of arm?" Was hierdie aanbod van die koning van Sodom regtig so 'n groot versoeking dat dit genoeg was vir Abram om sy verbond met die Here te herroep?

Ek maak met sekerheid die volgende stelling; ***Abram was alreeds ryk!*** God het hom voorspoed en guns gegee en daarom het hy nie die sogenaamde "rykdom" van die koning van Sodom nodig gehad nie. Indien Abram die *rykdom* van die koning aanvaar het, sou dit besmet gewees het met en weens die verlies van die siele van mense *(vv21)*. Die Skrif verwys duidelik na die oorvloed en rykdom in Abram se lewe: *Genesis: 12:2, 16; 13:2; 20:14-16; 24:35; 25:25; 26:12-14.*

Daar kan baie meer kan gesê word oor Abram se rykdom, voorspoed en oorvloed. Ek sluit die onderwerp af met 'n laaste paar gedagtes.

In Genesis 26:1 word daar verwys na 'n ernstige hongersnood in die land. Verse 12 tot 14 teken aan hoe Isak voorspoedig was en oorvloed geniet het tydens dié hongersnood, en dat hy baie ryk was. Sy sukses en grootheid was so benydenswaardig dat die Filistyne afgunstig geraak het teenoor hom!

Waar het sy rykdom vandaan gekom? Vers 5 van Genesis 25 beskryf duidelik wat *(wie)* die bron van sy oorvloed was:

> ***"En Abraham het aan Isak alles gegee wat hy besit het..."*** *(AOV)*

Die oogmerk van Abraham se optrede is beide verbonds- en generatief georiënteerd! Met generatief verwys ek na die verwekking en voortbestaan van toekomstige "geestelike" nakomelinge en generasies.

'n Bietjie Agtergrond oor die koning van Sodom

> *Genesis 14, "17 Ná sy terugkoms van die oorwinning op Kedor-Laómer en die konings wat saam met hom was, het* ***die koning van Sodom*** *uitgetrek hom tegemoet na die laagte Sawe, dit is die Koningslaagte... 21 En die koning van Sodom sê vir Abram: Gee my die mense, maar neem die goed vir uself." (AMPC)*

Eerstens is ***die koning van Sodom*** 'n profetiese tipe en voorspieëling van satan. Wat interessant is omtrent die beskrywing in vers 17 is dat Abram die koning ontmoet in die Koningslaagte of *"Vallei van Konings."* Dis nou na Abram se oorwinning oor Kedor-Laómer en die konings wat saam met hom was. Ter herinnering kan ons nou ook verwys na die teenswoordige werklikheid van ons posisie in Christus as seuns van God.

Volgens Openbaring 5:10 het Christus ons konings en priesters vir God gemaak, en sal ons as konings op die aarde heers. Daarom moet ons nie verbaas wees dat wanneer ons oorwinnings behaal het, die vyand *(satan)* ons kort-kort gaan probeer "toets" nie. Die realiteit is hierdie *toetse* wys openlike en doelbewuste teenwerking vanaf die vyand om die diepte en egtheid van ons seunskap in Christus *"op die proef te stel" (Lukas 4:1-14).*

Soverre dit ons geestelike seunskap betref, is ons posisie as God se seuns gewaarborg aangesien ons in Christus is *(Romeine 12:4-5; Galásiërs 3:26-29)*. Let wel daarop dat die praktiese uitwerking en uitlewing van ons seunskap regstreeks afhanklik is van ons verhouding met God. Die waarde en egtheid van ons seunskap is in direkte verhouding met die ervaringskennis en diepte van ons interaksie en wandel met ons Hemelse Vader. Jesus het die Vader aan ons kom openbaar sodat ons Hom kan ken net soos Hy (Christus) Hom ken *(Johannes 14:6-11; 17:1-26; 20:17)*.

Lukas 4 leer ons ook om te alle tye 'n geestelike bewustheid en waaksaamheid te beoefen. Dit is veral belangrik, gesien in die lig van ons ontmoeting en meewerking met die Gees van God tydens ons *"toets-seisoen."* Geestelike bewustheid sal verseker dat ons nie hierdie belewenis of "ervaring" met die Heilige Gees misloop nie!

Tweedens ***is die koning van Sodom*** *'n uitbeelding van die gees van mammon*. Ons weet die duiwel gebruik spesifiek hierdie gees om die siele van mense te bind aan die stelsels van hierdie wêreld en hulle in geestelike slawerny te dompel! In vers 21 kan die woord "mense" ook "siele" in die oorspronklike Hebreeus beteken *(Strong's #H5315 BDB)*. Let daarop dat hierdie "uitdaging" vanaf die koning van Sodom onmiddelik volg nadat ***Abram Tiendes aan Melgisédek gegee het!***

Aandag! Hier kom Melgisédek, die koning van Salem!

> *Genesis 14, "18 En* ***Melgisédek****, die koning van Salem, wat 'n priester van God, die Allerhoogste, was, het*

> ***brood en wyn*** *gebring... 20 En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy hom die tiende van alles. 21 En die koning van Sodom sê vir Abram: Gee my die mense, maar neem die goed vir uself." (AOV)*

Melgisédek is 'n profetiese tipe of beeld van Christus *(Hebreërs 5, 6 & 7)*. Wat ons by hierdie deurslaggewende punt van Abram se interaksie met die koning van Sodom ontdek, is hoe skielik en vinnig Melgisédek ingryp en intree! Is dit nie presies dieselfde patroon wat ons Here en Verlosser, Jesus Christus gevolg het nie? Jesus se ingryping en verreikende invloed in ons lewens deur die kruis en Sy Bloed het die *"vordering"* van ons gemeenskaplike aartsvyand, die duiwel, se doelwitte gestuit!

Die les wat hier aan ons geïllustreer word, is duidelik. Wanneer die vyand probeer om ons aandag van God af te trek met die hoop dat ons die spoor byster sal raak, *weet ons verseker, God gaan dadelik ingryp!* Christus ons Verlosser, as ons Melgisédek, het reeds die vyand verslaan. Dit is óns verantwoordelikheid om deur geloof Sy oorwinning te ontvang en ons eie te maak. En dan ***moet ons*** weereens, met ons geloof, hierdie oorwinning tot manifestasie bring! ***Hierdie is ons "in geloof" posisie van rus in Christus en Sy beloftes (Hebreërs 3 & 4).***

Onmiddelik na die aankoms en besoek van die koning van Sodom het Melgisédek ***brood en wyn*** vir Abram aangebied. ***Die brood en wyn is 'n duidelike profetiese beeld van die Nuwe Verbond wat sou kom in en deur Christus.*** Hierdie voorstelling of openbaring wys na die toekomstige offer van ***Christus aan die kruis as ons***

persoonlike brood en wyn! Dit dui aan hoe ons alreeds in Abram se "geestelike lendene" was en deur hom reeds met Christus "getroud" was! *(Hooglied van Salomo; Romeine 7:4; Hebreërs 7; Openbaring 19:7; 21:2, 9; 22:17)*

Melgisédek verklaar en spreek God se Guns oor Abram uit

> *Genesis 14, "18 En Melgisédek... ...het brood en wyn gebring 19 en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde. 20 En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy hom die tiende van alles. 21 En* ***die koning van Sodom*** *sê vir Abram: Gee my die mense, maar* ***neem die goed vir uself.****" (AOV)*

Soos reeds genoem, *karaktiriseer of tipeer* ***die koning van Sodom*** *die gees van mammon.* Die konfrontasie of "skermutseling" met die "slim" retoriek en redekuns van hierdie "koning" wat hom ***"die goed vir jouself"*** beloof, flous nie vir Abram nie! In verse 22 tot 24 sê Abram vir die koning:

> *"...****Ek hef my hand op tot die HERE,*** *God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde,* ***dat ek geen draad en geen skoenriem, ja, dat ek niks sal neem van alles wat uwe is nie, sodat u nie kan sê nie: Ek het Abram ryk gemaak.*** *Niks vir my nie!" (AOV)*

Merkwaardig! Abram se reaksie teenoor die koning van Sodom dui op Abram se volkome en volslae wete en kennis van sy seunskap in die Here. Sy uitspraak teenoor die koning het op 'n briljante wyse die karakter, integriteit en geregtigheid van sy hart laat deurskyn. Abram het reg deur die voornemens en planne van die vyand gekyk! ***Sy***

seunskapposisie met God was sterk in sy hart gevestig, en hy was nie bereid om sy verhouding met sy hemelse Vader te laat weifel of wankel nie. Hy het *sy status en stand* met sy hemelse Vader belangriker en *hoër geag as dit wat die koning van Sodom hom aangebied het.*

Sonder enige huiwering het Abram die koning van Sodom gekonfronteer en hom ingelig dat hy *"my hand opgehef en by die Here gesweer het."* In die dae van Abram was dit gebruiklik dat wanneer mense 'n verbond met mekaar gesluit het, hulle 'n sny in hul regter handpalms gemaak het. Daarna het hulle met 'n handdruk (hand groet) die palms teenmekaar gehou. Die simboliek hiervan was om met die vermenging van die bloed hul "eenwording" met die ander persoon te bevestig *(om 'n eed met bloed te verseël).* Dit word 'n bloedverbond genoem. Verder het dit ook beteken dat hulle lewens vir altyd aan mekaar behoort het. Gevolglik sou hulle mekaar verdedig tot en met die laaste druppel bloed!

Die Woord van die Here kom tot Abram in 'n Visioen

> *Genesis 15:1, "Ná hierdie dinge het die woord van die HERE tot Abram gekom* ***in 'n gesig*** *en gesê... 4* ***Toe kom die woord*** *van die HERE* ***tot hom*** *en sê..." (AOV)*

Onmiddelik nadat Abram die koning van Sodom teëgekom en sy "rykdom" aanbod afgeweer het, ontmoet God met hom. Met die afspeel van hierdie ontmoeting word 'n kragtige voorafbeelding *(prototipe)* en beginsel aan ons geopenbaar.

Wanneer ons, soos Abram, in die teenwoordigheid en aangesig van 'n potensiële nederlaag *'n sterk standpunt in*

die geloof inneem en die vyand weerstaan, *sal God intree en voorspraak maak vir ons!* ***Hy sal ons oorwinning bevestig en 'n nuwe varsheid in ons koers en visie aan ons harte oordra***. Onthou, Christus het reeds namens ons die oorwinning behaal *(Johannes 16:33; 1 Johannes 4:4; Openbaring 12:11)*.

> *Genesis 15:1, "...Vrees nie, Abram,* ***Ek is vir jou 'n skild en jou loon is baie groot****." (AOV)*

Die woorde, ***"Ek is vir jou 'n skild en jou loon is baie groot"*** beteken letterlik 'n ***"terugbetaling of salaris!"*** Natuurlik en prakties gesproke was Abram alreeds ryk deur God se oorvloedige seën. *Maar, ondanks al sy rykdom het hy geen nageslag gehad nie, en in 'n sekere sin het dit hom "arm" gelaat.*

Dit blyk verder dat Abram ongetwyfeld die beginsel van 'n erflating en seën ten opsigte van sy nakomelinge en die volgende generasie verstaan het. Sonder erfgename en 'n nageslag sou Abram se rykdom en seëninge nie aan hulle oorgedra word nie. Sy ontmoeting met God het dus ook die geleentheid geskep waartydens hy 'n versoek gerig het vir 'n erfgenaam *(Genesis 15:3-4)*.

> *Genesis 15:2, "Toe vra Abram: Here HERE, wat sal U my gee, aangesien* ***ek sonder kinders heengaan..?****" (AOV)*

Genesis 15:4 en die verse daarna beskryf hoe God afstammelinge vir Abram beloof het. *'n Nageslag so talryk soos die sterre in die hemel*. Vers 6 lees, *"****En hy het in die HERE geglo****; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken."*

Vers 18 gee vir ons 'n beskrywing van die Verbond wat God met Abram gesluit het:

> *"**Op dié dag het die HERE met Abram 'n verbond gesluit** en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land..." (AOV)*

Die omvang en verreikende gevolge van hierdie Verbond op die toekoms van die mensdom word duidelik deur Paulus in Romeine 4 en 5 uiteengesit. Vandag leef en bestaan ek en jy voort in daardie "toekoms," en is dit ons realiteit in Christus. Abraham se geloof en getrouheid aan God het ons begunstigdes van hierdie Verbond gemaak!

Van veel groter belang en betekenis is egter die getrouheid van God in Sy eerbiediging van hierdie Verbond. Nog 'n verdere gevolg van God se getrouheid is die manifestasie en tot stand koming van die Woord wat Hy aan Abram gegee het!

Ter afsluiting...

Sonder enige twyfel of onsekerheid *weet ons* nou *dat danksegging 'n direkte verbintenis het met die Verbond* tussen ons en ons hemelse Vader (deur Jesus Christus). In die geloof, en met innige danksegging kan ons ter enige tyd 'n ervaringryke "ontmoeting" met God beleef. Vanuit hierdie posisie en postuur kan ons van Hom die Genade, Salwing en Wysheid versoek om 'n geestelike "nageslag" in en deur ons lewens voort te bring.

Ons danksegging is nie net vir wat ons nou persoonlik gaan ontvang of in die toekoms sal ontvang nie. Tot 'n baie groot mate gaan dit oor die seën en genade wat Hy aan ons

toewys sodat ons dit kan oordra aan die volgende geslag en hulle wat ná ons kom!

Uiteindelik maak dit nie saak hoe ek en jy hierdie onderwerp of tema van danksegging benader nie. Een ding is seker. Ons as gelowiges moet 'n vaste besluit neem om danksegging dieper te ondersoek en na te vors. Daar is veel meer verbonde aan die betekenis van danksegging as die sporadiese "dankie" wat ons meeste van die tyd "kwytraak!"

En, wat van die opheffing van ons hande tydens danksegging? Soos ons reeds duidelik geleer het, is die opheffing van ons hand(e) nie net die bewys van ons dank en aanbidding nie. Dit is ook 'n definitiewe en besliste verbondsverklaring. Elke keer wanneer ons hande ophef in lofprysing, aanbidding en danksegging teenoor die Here, bevestig ons ook die Nuwe Verbond. Christus het Sy Bloed gestort en die losprys betaal as Middelaar tussen God en die mens! *(1 Timôtheüs 2:5-6)*

Nietemin, of ons nou hande oplig in danksegging of nie, van groter belang is die postuur en houding van ons harte. Die vraag is, kan ons met sekerheid erken en bely dat ons harte waarlik ***"opgehef"*** is tot die Here, tydens ons danksegging? Onthou, God is die *"beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart:"*

> *Hebreërs 4:12, "Want die* ***woord van God*** *is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is* ***'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.****" (AOV)*

*2 Kronieke 17:3, "**En die HERE was met Jósafat, want hy het in die vroeëre weë van sy vader Dawid gewandel** en die Baäls nie gesoek nie, 4 **maar die God van sy vader gesoek en in sy gebooie gewandel** en nie gedoen soos Israel nie. 5 Daarom het die HERE die koningskap in sy hand bevestig; en die hele Juda het aan Jósafat geskenke gegee, sodat hy rykdom en eer in oorvloed gehad het. 6 **En sy hart het moedig geword in die weë van die HERE...**" (AOV)*

*Psalm 24:3, "**Wie mag klim op die berg van die HERE?** En wie mag staan in sy heilige plek? 4 **Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie.** 5 Hy sal seën wegdra van die HERE..." (AOV)*

*Klaagliedere 3:41, "**...laat ons ons hart saam met die hande ophef tot God** in die hemel..." (AOV)*

Hoofstuk Vyf

Die Stadskerk en Danksegging

*"En ek, Johannes, het **die heilige stad**, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel... ...En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, **die tabernakel van God** is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God."*

Openbaring 21:2-3 (AOV)

Die Stadskerk... Die blote vermelding van die woorde, **"Die Stadskerk,"** of **"die Kerk in die stad,"** skep 'n bewustheid, stemming en atmosfeer van uitmuntendheid, merkwaardigheid, en agting. Gesien in die konteks en inspirasie van Openbaring 21:2-3, suggereer dit die heerlikheid, uitnemendheid, gewigtigheid en substansiële omvangrykheid van hierdie Heilige Stad. 'n Stad wat *"...neerdaal van God uit die hemel..."* Hierdie is geen gewone Stad nie. Dit is inderdaad **die Heilige Stad!**

Die gedagtebeeld, opvatting of begrip "Stadskerk," is nie nuut nie. Gesien vanuit die perspektief van hoe God alles in die Skepping reeds beplan het voor die grondlegging van die wêreld *(-sisteem en aarde ingesluit)*,

het hierdie konsep of raamwerk van "die begin" af bestaan. Sonder twyfel vind hierdie patroon of meester "sjabloon" van die Stadskerk sy oorsprong in die hart van God. Tog is die denkbeeld of idee van 'n ten volle funksionerende *"kerk in die stad"* vir die meeste van ons redelik nuut. Dit maak nou nie saak hoe lank elkeen van ons die Here ken en dien nie, *die teologiese teorie*, uitbeelding of tema van 'n Stadskerk bly steeds 'n nuutgevonde of selfs innoverende hipotese of begrip.

My mikpunt en einddoel met Hoofstuk Vyf is dat dit 'n *kort voorwoord of inleiding* sal wees met betrekking tot die grond- of kerngedagte van die Stadskerk. Ek is oortuig daarvan dat God 'n dringende begeerte het om 'n bewustheid van die bestaan en verwesenliking van die Stadskerk in ons harte te vestig.

(Binne die afsienbare toekoms sal ek 'n boek skryf wat spesifiek die tema en die werklikheid van die Stadskerk aanspreek en dek. Daarin sal ek 'n volledige uiteensetting doen met betrekking tot die betekenis, waarde en rol van die Kerk op hierdie tydstip in die geskiedenis van God se Skepping.)

Wat is die "Stadskerk?"

Wel, ek sal my antwoord so kort en bondig probeer hou as moontlik. En, vir eers behoort hierdie uiteensetting en definisie die basiese riglyne en beginsels van die Stadskerk voldoende te beskryf.

In omvang en wese is die Stadskerk die som en geheel van al die "Christelike" kerke, bedieninge, gemeentes en huiskerke in 'n stad op enige gegewe plek. Ek woon in Kempton Park, Suid-Afrika. Dit beteken dus dat die Stadskerk in hierdie streek bestaan uit al die entiteite of

"groepe" soos hierbo beskryf. Die volgende verse bied 'n goeie beskrywing en uitbeelding van hierdie konsep:

> *Openbaring 2:1, "Skryf aan die engel van **die gemeente in Éfese**... 8 En skryf aan die engel van **die gemeente in Smirna**... 12 En skryf aan die engel van **die gemeente in Pérgamus**... 18 En skryf aan die engel van **die gemeente in Thiatíre**..."*
> *Openbaring 3:1, "En skryf aan die engel van **die gemeente in Sardis**... 7 En skryf aan die engel van **die gemeente in Filadelfia**... 14 En skryf aan die engel van **die gemeente van die Laodicense**..." (AOV)*

(Sien ook Handelinge 2:47; 5:11; 7:38; 8:1 & 3; 11:2 & 26; 12:5; 13:1; 15:22; 18:22; Romeine 16:1; 1 Korinthiërs 1:2 en verskeie ander verwysings...)

Hierdie verse skakel enige twyfel uit oor, en lewer omwonde bewyse van hoe God Sy Kerk beskou. Die "kerke" of gemeentes soos hierbo genoem, vorm die somtotaal van al die verskillende gemeentes en huiskerke wat op daardie tydstip in Asië bestaan het.

Waarom is hierdie geskiedkundige feite belangrik? Hulle bied ‘n onbetwisbare en onaanvegbare bewys van die Stadskerk se sentraliteit met betrekking tot God se hantering van en interaksie met Sy Kerk in 'n spesifieke streek en/of nasie. Hy het 'n werkdadige aandeel as medewerker saam met en in die Kerk *(Kerk as korporatiewe of gemeenskaplike bondgenootskap of entiteit)*. Tesame vorm al die "stadskerke" op aarde dus die Heilige Stad, die Nuwe Jerusalem, of die Tabernakel van God *(Openbaring 21:2-3)*.

Voortvloeiend hieruit kom ons tot die volgende gevolgtrekking: Wanneer die Stadskerk binne die grense van enige fisiese stad op aarde openbaar gemaak word, skep dit 'n "koepel" van God se Genade en teenwoordigheid oor daardie spesifieke stad. Hierdie "koepel van Genade" beïnvloed tot 'n hoë mate die omvang, impak, en oordrag van God se seën, voorsiening en beskerming binne die grense van stede en hul omstreke.

In sy boek, "The House of the Lord," skryf Francis Frangipane, ***"...dit neem 'n stadswye kerk om 'n stadswye oorlog te wen..."*** Francis het hierdie boek in 1991 vrygestel, en toe ek dit lees, het die Gees van God 'n begeerte in my wakker gemaak om meer oor die "stadswye kerk" te wete te kom. Maar, dis eers onlangs dat meer duidelikheid, insig en kennis oor die Stadskerk deur die Gees van God openbaar is. Geestelike leiers soos Pastoor Thamo Naidoo, Dr. Sagie Govender, Apostel John Alley, Dr. Joseph Mattera en andere word tans deur die Here gebruik om hierdie waarhede aan die Kerk bekend te stel *(die Eindnotas op bladsy 71 bevat hul besonderhede).*

Francis Frangipane vertel dat die misdaadsyfer in Cedar Rapids, Iowa, VSA, met 17% gedaal het tydens 'n spesifieke tydperk van gebede en voorbidding vir hulle stad. *Hierdie afname in misdaad was so dramaties dat dit selfs deur die FBI bevestig was!* Wat veral kenmerkend is, is dat Francis nie alleen ingetree en gebid het nie. Hy het saam met verskeie geestelike leiers van die Stadskerk in Cedar Rapids bymekaar gekom. In sy boek verduidelik hy spesifiek dat voor hierdie deurbraak plaasgevind het, die predikante en leraars vergader het om hul sondes teenoor mekaar te bely en vergifnis van mekaar te vra. Dit was die

beslissende oomblik en katalis wat die "eenwordings-proses" in Cedar Rapids aan die gang gesit het. Hierdie geestelike "postuur" van "een" wees is waar God ons almal wil hê *(Psalm 133; Johannes 17)*.

'n Uitstekende voorbeeld in die Bybel waar apostels en stadsvaders saam vergader het, is opgeteken in Handelinge 2:42. Hierdie vers beskryf ook *"Die Vier Pilare"* waarop hierdie *"apostoliese gemeenskap"* gebou was.

> *"En hulle het volhard **(1)** in die leer van die apostels en **(2)** in die gemeenskap en **(3)** in die breking van die brood en **(4)** in die gebede." (AOV) (lees ook Handelinge 6:1 - 4)*

Let veral daarop dat die term "gebede" heel laaste staan in dié vers. Ons sien hier dat gebede voorafgegaan word deur die onderrig *(leer)* van die apostels, gemeenskap *(saam verkeer)* en breek van die brood *(die bespreking van die Woord, en Nagmaal)*. Die punt wat ek hier maak is dat wanneer die stadsvaders (Stadskerk) saamstaan oor en akkoord gaan met die Woord wat hulle van God hoor, hulle dit dan as lering aan hul gemeentes kan oordra. Aangesien hierdie lering(s) ongetwyfeld in en op **die Woord (doktrine) van Christus** gevestig is, sal diegene wat dié Woord hoor en ontvang, met groot akkuraatheid en gesag kan bid *(Handelinge 6:1-7; 1 Johannes 5:14-15; 2 Johannes 1:9; Hebreërs 6:1)*.

Gebede in enige stad sal slegs optimale invloed en impak bereik wanneer 'n behoorlike *Bybelse raamwerk* en *geestelike atmosfeer* deur die stadsvaders geskep word. Dit sal die grondslag lê vir die onthulling van God se **"eenheid"**

waarin alle gelowiges deel kan hê. Sodra hierdie akkurate geestelike klimaat gevestig is, sal die Gees van God Sy **"eenheid"** in en deur Sy Kerk manifesteer.

Wanneer hierdie gunstige *geestelike klimaat* tot stand kom, bereik gebed sy piek en kruin! Gebed op hierdie hoë vlak en intensiteit is beide doeltreffend en produktief. En, met die fokus op ons stede en plaaslike gemeenskappe, sal die teenwoordigheid van God op ons neerdaal. 'n Bykomende resultaat en voordeel sal die *eenwording* van geestelike gemeenskappe (gemeentes) wees. Hierdie geestelike "vereniging" of "bondgenootskap" sal die Stadskerk in ware eenheid en onderdanigheid onder God se gesag en Genade bring. En terloops, ware *eenwording* is op 'n veel hoër vlak in Christus as die sogenaamde *"eenheid" (unity)* wat leiers al oor eeue en dekades probeer "saamflans" het.

Psalm 133 spreek boekdele uit oor ons hemelse Vader wat Sy seën *verklaar of "gebied"* oor die "eenheidskarakter" of "bondgenootskap" van Sy Kerk. Hierdie woord *"gebied"* sluit die volgende betekenisse in: *"koms, verskyning, bewyse of getuienis, simbool en teken."* Hierdie leerstellings dra oortuigende en kragtige beginsels oor wanneer ons dink in terme van die *"koms"* en *"verskyning"* van die Here in ons gemeenskappe en stede. Uiteraard verwys ek hier nie na die letterlike verskyning van die Here nie. My punt is dat Hy in en deur die Stadskerk Sy *verskyning* sal maak *(Johannes 14:7-12)*.

Hierdie "verskyning" van Christus in die Stadskerk sal *herken en erken* word deur beide die geestelike en natuurlike sfere en dimensies. Aangesien Christus die

Lewende Woord is, sal hierdie *"sfere en dimensies,"* of *omliggende "grondgebiede"* geleidelik verander. Hulle sal begin ooreenstem met en gelykvormig word aan hul oorspronklike *skeppingsbeeld* soos God dit van die begin af in Sy hart beplan het. Christus sal kristalhelder gesien word in en tot volkome uitdrukking kom deur Sy korporatiewe Liggaam, die Stadskerk *(sien Markus 4:37-41; Lukas 4:33-36; Johannes 6:16-21; 21:4-14; Handelinge 16:5-34).*

Kom ons lees wat Jesus sê in Matthéüs 12:25:

> *"...Elke koninkryk wat teen homself verdeeld is, word verwoes; en* ***elke stad*** *of huis* ***wat teen homself verdeeld is,*** *sal nie bly staan nie." (AOV)*

Is dit nie presies wat ons vandag in ons stede en nasies teëkom en ervaar nie? Wie is verantwoordelik vir die "verwoesting," verlatenheid en verdeeldheid wat ons as gemeenskappe en stede so skeinheilig en met *aangeplakte geduld* "verduur"? ***Weet jy wat noem ons hierdie sogenaamde "geduldige uithouvermoë" van die Kerk? "Ons sal ly vir die Here totdat Hy terugkom om ons te red met die 'wegraping'"!***

Die volgende punt wil ek graag so duidelik as moontlik aan jou stel en verder uitlê. ***Dit is die verantwoordelikheid van die Kerk*** om ons stede geestelik *"binne te val"* of te *"annekseer."* Die gevolg van hierdie *anneksasie* sal wees dat die Koninkryk van God onthul word en vir iedereen toeganklik sal wees! Hierdie verloop moet eerstens plaasvind *voordat* daar enige sprake kan wees van 'n sogenaamde "wegraping" of 'n tweede koms van Jesus!

Ons, as God se "kerk" verkla en veroordeel baie maklik ons politici wanneer hulle skynbaar nie hul werk behoorlik doen nie. Ons beskuldig hulle van nalatigheid en pligsversuim terwyl ons, as God se Kerk, glad nie verstaan dat talle van hierdie "pligte" in werklikheid ons verantwoordelikheid is *(Jesaja 58; Handelinge 6:1-7)*. Ons raak heeltemaal verontwaardig wanneer politici uitsprake en stellings maak wat teenstrydig is met ons geestelike en morele oortuigings. Verder, grief dit ons "diep" in die hart wanneer hulle politieke uitlatings en voorspellings waar word en tot stand kom!

Hier is my vraag. Is die woorde van politici kragtiger en magtiger as die Woorde van die Allerhoogste God? Dit kan tog sekerlik nie waar wees nie? So, wat is die probleem? Ek is oortuig daarvan dat die antwoord te vinde is in die eenvoudige feit dat die Stadskerk nie die Woord van die Here uitspreek en verklaar nie! Ons hou eerder ons monde toe... *(sien Deuteronomium 8:3; Matthéüs 4:4)*. Die dag ***moet*** nou aanbreek waar die Stadskerk as 'n eenheid (soos een man) die Woord van die Here uitspreek en verklaar. God se Woord is die enigste ware teenvoeter wat die woorde van die babiloniese profete (o.a. politici, ens.) kan oorweldig, verplaas, en selfs tot niet maak! *(sien ook 1 Konings 18)*.

Die Skrif leer ons om vir *twee stede* te bid, Jerusalem en die fisiese stad waarin ons woon. Gebed vir Jerusalem sal uiteraard Jerusalem in die Midde-Ooste insluit. ***Meer krities is egter dat die hoof fokus van ons gebede op die Hemelse Jerusalem gerig moet wees! Waarom? Want ons, die Kerk, is die hemelse Jerusalem*** *(Psalm 122; Jeremia 29:7; Openbaring 3:12; 21:2, 10)*.

Jeremia skets die gebed wat God voorskryf vir ons plaaslike stad:

> *Jeremia 29:4, "So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel, aan al die ballinge wat Ek uit Jerusalem na Babel in ballingskap weggevoer het: 5 Bou huise en woon, en plant tuine aan en eet die vrugte daarvan; 6 neem vroue en verwek seuns en dogters, en neem vroue vir julle seuns en gee julle dogters aan mans, dat hulle seuns en dogters baar; en vermenigvuldig daar, en moenie verminder nie; 7* ***en soek die vrede van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, en bid daarvoor tot die HERE; want in die vrede daarvan sal julle vrede hê****." (AOV)*
>
> *Spreuke 11:10 - 11 lees; "****Oor die voorspoed van die regverdiges jubel 'n stad****, en as die goddelose omkom, is daar gejubel. 11* ***Deur die seën van die opregtes kom 'n stad op****, maar deur die mond van die goddelose word dit afgebreek." (AOV)*

Die Stadskerk straal God se Genade en Heerlikheid uit

Die eerste vier hoofstukke van hierdie boek gee breedvoerige inligting en insig oor die wyse waarop praktiese danksegging die Genade van God in ons persoonlike lewens vrystel. ***Met betrekking tot die totstandkoming en volle onthulling van die Stadskerk, verg dit ook die Genade van God.*** God gaan nie sommer net eendag op 'n soewereine manier die Stadskerk "manifesteer" of tot stand bring nie. Hy vereis dat ons (Sy seuns) as draers van Sy Genade en Teenwoordigheid, medewerkers met Hom sal wees. Die doel van dié samewerking is dat ons deur Heilige Gees geïnspireerde

"barensnood" ***gestalte*** kan gee aan die Stadskerk *(Jesaja 66:5-14; Galásiërs 4:19).*

Die inleiding tot hierdie finale hoofstuk ***(5)*** omskryf en stipuleer dit as 'n bekendstelling of oorsig van die basiese beginsels en bepalings wat onderliggend is aan die "argitektuur" van die Stadskerk. ***Volgens die Skrif is vyf die getal wat God se Genade of Goedertierenheid aandui.*** Ek glo dat die rede waarom jy nog steeds lees wat ek hier skryf, 'n bewys is dat die Heilige Gees die proses begin het om Sy Genade aan jou "geesmens" oor te dra. Sonder hierdie oordrag van Sy Genade sal ons nie deel kan hê in die ontwikkeling en uitbouing van die Stadskerk nie!

Verder glo ek dat die ware en opregte toepassing en beoefening van ons danksegging teenoor ons hemelse Vader, binne die grense van die stede waarin Hy ons geplaas het, die bou en totstandkoming van die Stadskerk sal bespoedig en aanwakker. Danksegging stel 'n sterk en kragtige *oordrag* van God se Genade in ons midde vry.

Is ons bereid om van vandag af tyd en hulpbronne op te offer sodat die Stadskerk gebou kan word? Is dit ons besliste en vaste voorneme om te verseker dat hulle, wat ***na*** ons kom, die vrugte van ons aarbeid gaan pluk?

6 Junie, 1944

Terwyl ek hierdie paragraaf skryf, is dit die 6de Junie, 2024. Meeste van die TV nuuskanale waarin ek belangstel, dek nou die 80ste herdenking van die D-dag-landings in Normandië, Noord-Frankryk. Hierdie invalle van die Geallieerde magte op 6 Junie, 1944, het die doodsklok begin lui vir die Nazi-besetting van groot gedeeltes van

Europa. Dié stelselmatige oorname van hierdie besette gebiede deur die Geallieerdes was deurslaggewend in die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog.

Wat my die meeste van die TV-dekking beïndruk het, is die dankbaarheid en eerbewys wat verskeie wêreldleiers uitgespreek het teenoor die Geallieerde soldate wat so dapper geveg en/of gesneuwel het. Wêreldleiers het hul dank op plegtige wyse te kenne gegee vir die opoffering en bereidwilligheid van daardie jong soldate wat hul lewens neergelê het sodat ander vryheid kan smaak. Een van die oorlogsveterane wat teenwoordig was het dit baie mooi gestel: ***"Ons het ons gister gegee sodat jy jou môre kan hê."*** Hierdie woorde het my diep in die hart getref en trane in my oë laat opwel...

Toe ek hierdie woorde hoor, was dit amper asof God my vra: *"Hoe vêr is jy bereid om vandag te gaan sodat hulle wat **ná** jou kom, die werklikheid en seëninge van My Koninkryk kan ervaar?"* Ek het myself inderdaad afgevra: *"Tot watter mate is jy bereid om jou eie agendas op te offer sodat God se Huis, die Stadskerk in jou stad gebou kan word?" (Haggai 1 en 2)*

Hierdie is 'n vraag wat ons elkeen onsself moet vra! Is ons bereid om die godsdienstige "omheinings" en mure te vernietig wat ons gebou het om onsself en ons gemeentes "veilig" te hou? Die vraag is, *"Veilig te hou teen wat?"* ***Ons probeer onsself veilig hou teen die "invloed" van ander kerke en gemeentes in ons stede!***

Seuns van God, daar is al geruime tyd nie meer 'n *mandaat* of "gesteldheid" waar "omheinings" en mure van *afsondering en geestelike rassisme* behoort te bestaan nie!

Deel van God se plan is om tydens hierdie Nuwe Seisoen alle tradisionele en dogmatiese skeidsmure wat gegrond is op verouderde godsdientige denkwyses, tot niet te maak.

Waarom doen Hy dit? Om ons saam te voeg en te verenig tot 'n **EENHEID** wat letterlik ***"ondeelbaar"*** is! God stel nie werklik belang in ons vleeslike pogings om sogenaamde "eenheid" in Sy Kerk te bewerkstellig nie. Die geskiedenis leer ons dat die aanwending van menslike wysheid en pogings om só eenheid te skep, keer op keer rampsalig misluk het. ***Vanaf God se oogpunt is fisiese eenheid nie genoegsaam nie; Hy vereis algehele geestelike EENWORDING!*** *(Psalm 133; 127; Johannes 17; Efésiërs 4; 1 Petrus 2:5-10)*

Die Rol van die Stadskerk in God se Eindtyd Agenda

Die doel met die skryf van hierdie slothoofstuk is om 'n bewustheid te skep van die deurslaggewende sleutel-dimensie wat inherent is aan ***God se Eindtyd Agenda***. Ek is ten volle oortuig daarvan dat die totstandkoming van die Stadskerk minstens een van die primêre of selfs oorheersende *sleutelfaktore* is m.b.t. die "eindtye". My mening is dat die Stadskerk 'n oorwegende en sentrale rol gaan speel met die vervulling van God se eindtyd voornemens en besluite.

Negatiewe toestande, vooruitsigte en gebeure op internasionale vlak speel daagliks voor ons oë af en ontaard al hoe meer in letterlike chaos. ***Maar, daar is hoop!*** Alhoewel die wêreld al dieper en dieper in wanorde in dompel, sien ons hoe die Stadskerk meer en meer op die voorgrond begin tree! Soos een man begin die Stadskerk opstaan in die opstandingskrag en gesag van Jesus Christus

(Romeine 5:20-21; Jakobus 2:13). Die vraag is nou, hoe bereidwillig is ons om deel te word van hierdie skitterende eindtydstrategie wat God besig is om tot stand bring en te vestig?

In een van die vorige paragrawe hierbo lees dit, *"...om 'n bewustheid te skep van die deurslaggewende sleutel-dimensie wat inherent is aan God se Eindtyd Agenda..."* In terme van verouderde godsdientige dogmas, moet die terminologieë, *eindtye* of *laaste dae*, ook hersien word. Daar is 'n menigte meldings en verwysings na die *eindtye* of *laaste dae* in die Skrif. Dit is waar vir beide die Ou en Nuwe Testamente. Alhoewel die tema van hierdie boek nie oor die eindtye handel nie, is dit tog die moeite werd om dit kortliks te ondersoek.

> *Handelinge 2:17, "En in **die laaste dae**, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees... 18 En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek **in dié dae** van my Gees uitstort..." (AOV) (lees ook Joël 2:28-29)*

Hierdie vers is maar een voorbeeld van waar *die laaste dae* genoem word. 'n Dieper studie van die Skrif m.b.t. die laaste dae, skep 'n duidelike beeld dat dit nie altyd en noodwendig verwys na die dae waarin ons nou leef nie. Toe sommige van hierdie woorde oorspronklik neergeskryf was, het die skrywers verwys na ***die einde of laaste dae van die Ou Verbond*** *(Testament)*. Tog beteken dit ook nie nou dat ons nié in die laaste dae leef nie!

Wanneer ons nog verder in die geskiedenis terug delf, wys dit dat daar verskeie tydsbestekke, epogge en *"kairosse" (Gr.)* gekom en gegaan het. Ons weet dat sommige van hierdie seisoene selfs oor dekades, eeue of

langer gestrek het. Tans bevind ons onsself in *'n nuwe seisoen of kairos* wat deur God beskik is, en dié sal ook op 'n sekere tydskip eindig. Daarom, wanneer een van God se seisoene tot 'n einde kom, kan ons sê ons bevind onsself in die *"laaste dae"* of die *"eindtye"* van dié spesifieke seisoen.

Vir jou eie toeligting en geestelike verryking, doen gerus jou eie navorsing oor dié interessante onderwerp. Jy sal verbaas wees oor wat die Heilige Gees aan jou sal openbaar. Begin met hierdie paar verse as 'n inleiding tot jou studie: *2 Timótheüs 3:1; Hebreërs 1:2; 1 Petrus 1:5, 20; 2 Petrus 3:3; 1 Johannes 2:18; Judas 1:18.*

Ons is Nou *weer* in 'n Nuwe Seisoen!

Waarom dan nog 'n nuwe seisoen? Wel, laat my toe om dié vraag met 'n paar ander vrae te beantwoord. Is ek en jy tevrede met die bestaande stand van sake in en van die Kerk binne die stad waarin ons woon? Is ons werklik gelukkig of selfs "opgewonde" oor die wêreld waarin ons kinders en kleinkinders besig is om groot te word? Ek "jubel en juig" beslis nie oor hoe die *status quo* nou is nie! Iets moet definitief verander...

Dit is vir my ooglopend dat daar "meer" aan God en ons verhouding met Hom is as wat die Kerk nou ervaar. Ek sien uit en verlang na daardie Kerk waarna die Skrif verwys as die ***Kerk wat in algehele triomf en oorwinning wandel***. Tog, wanneer ek na die Kerk in my stad kyk en sien wat aangaan, raak ek effens mismoedig... Met al die bedrywighede en "harde werk" waarmee die Kerk *besig* is, is ek nie so seker dat ek die vrugte van triomf en oorwinning raaksien of ervaar nie!

Ek deel 'n paar gedagtes oor waarom ek glo ons nou in 'n nuwe geestelike seisoen staan. Eerstens, vir 'n nuwe seisoen om te ontvou of "die lig te sien," moes daar uiteraard 'n vorige of ouer tydsverloop of tydstroom gewees het. Vandag, op hierdie spesifieke "chronos" oomblik of tydsgewrig, glo ek dis toelaatbaar om te sê dat *die vorige seisoen reeds deur God afgesluit is*. Ek is oortuig daarvan dat die Here reeds in die vroeë 1990's begin het met hierdie taak. Hy het die ou seisoen geleidelik en sistematies *afgerond*, *dit begin ontbind*, en *tot 'n einde gebring*. En, nou bevind ons onsself in 2025 binne 'n goed ontwikkelde en gevorderde fase van die nuwe seisoen.

Daar bestaan verskeie eienskappe of "tekens" wat die afsluiting van 'n ou seisoen kan aandui. Dit mag die volgende kenmerke insluit: 'n skerp styging in wetteloosheid; oorloë en konflikte wat vererger word deur wydverspreide politieke onstabiliteit; die skielike uitbreek en verspreiding van siektes en pandemies (bv. Covid 19); die afname in geestelike en godsdienstige ywer; ekonomiese ontwrigting en selfs ekonomiese rampspoed (Daar kan nog meer punte by hierdie lys gevoeg word).

Wat opvallend en nou van baie groter betekenis is, is die onthulling en verskyning van sterk, volwasse geestelike leiers. God het hierdie getroue leiers deur die vorige seisoen vergesel en hulle tot 'n posisie van volle geestelike groei as seuns van God begelei. Met die ou seisoen wat tot 'n einde kom, kondig hierdie leiers die nuwe een aan. **Hulle stemme word stelselmatig duideliker en duideliker met die aanbreek van die nuwe "kairos" van God!**

Die Gees van God bring nuwe seisoene *(kairos)* teweeg in die Kerk want Hy vereis dat ons in 'n voortdurende stand van "opgradering" en vernuwing moet voortbestaan! Waarom is dié opgraderings proses belangrik? Ons benodig dit want die openbaring van Christus is steeds toenemend en progressief van aard en in wese. Hierdie is die volgehoue werk van die Heilige Gees om Christus binne die verborge dieptes van ons harte te openbaar *(Matthéüs 6:1-6; Markus 7:1-22; Galásiërs 4:19; Jakobus 3:11)*. Aangesien God Homself in Sy volheid in en deur die Kerk wil en moet openbaar, is dit noodsaaklik dat ons altyd 'n innerlike postuur van vernuwing handhaaf *(1 Korinthiërs 13:10-13; 2 Korinthiërs 4:16; Filippense 2:12-13; 3:10-15; Kolossense 1:22-29; Hebreërs 5; 6:1-3)*.

Wanneer God 'n nuwe seisoen aankondig en 'n aanvang laat neem, *skep Hy deur die ingewing van die Heilige Gees*, 'n bewustheid van die nuwe. Hy bewerkstellig dit deur Sy voortgaande "teenswoordige" Woord in die harte en denke van ***volwasse en ervare geestelike vaders*** vry te stel *(Deuteronómium 8:3; Maleági 4:6; Matthéüs 4:4; Lukas 1:16-17; Hebreërs 1:1-2; 5:12-14)*. Hierdie vaders word met die "hand uitgesoek" deur God self sodat die "Nuwe Woord" wat die *nuwe seisoen* inlei nie deur ou paradigmas en denkwyses besoedel sal word nie.

Persoonlik klassifiseer ek baie van hierdie geestelike vaders as ware apostels van Christus. Dit is interessant dat God meeste van hulle vir dekades lank "verborge" hou en hulle nie dadelik blootstel aan die Kerk nie. Hy stel hulle eers bekend wanneer die "volheid van die tyd" aangebreek het *(Galásiërs 4:4)*. Hulle word dan voorgestel aan die Kerk as God se "spesiale boodskappers" met beproefde geestes-

en onderskeidingsvermoë ten opsigte van die openbaring van die "seëls" in die Skrif *(Daniël 12; Openbaring 5:1-9; 6:1)*.

Wat egter uiters betreurenswaardig is, is dat hierdie duidelike en helder klaroengeskal vanuit die monde van gesoute leiers, dikwels geïgnoreer en/of verwerp word. Daar word menigmaal op "hoë" vlak 'n polemiek gevoer om die akkuraatheid en egtheid van die "nuwe" Woord van God te bepaal. Die gevolg is dat God se Woord baiemaal summier veroordeel en sterk afgekeur word deur diegene wat nog vasgevang is in die "glans en glorie" van die voorafgaande bedeling.

Die sogenaamde "veterane van die geloof" wat nog sterk gevestig is in God se *eertydse seisoene*, voel dikwels ongemaklik en bedreig want hulle hoor leerstellings wat buite hul paradigma staan. Wat hulle hoor, sal vereis dat hulle 'n "pynlike" migrasie vanuit hul "geestelike gemaksones" sal moet maak. Vir baie is hierdie prys te hoog om te betaal. Die uiteinde is dat menige dikwels die nuwe geestelike beweging of seisoen van God kwaadwillig beskuldig en selfs venynige vervolgers daarvan word.

Is dit moontlik om hierdie Stadskerk te Bou?

Ja, dit is! Maar, soos reeds genoem, is daar ongelukkig geestelike leiers wat sê dat die werklikheid van 'n lewende, florerende, dinamiese en omvangryke Stadskerk 'n onmoontlike fantasie is en neerkom op die bou van lugkastele. Hulle beklemtoon ook hoe hulle dit "probeer" het en dat dit beslis nie haalbaar is nie!

Daarbenewens skram sommige leiers weg van leerstellings en tematologie oor die Stadskerk. Dit lei daartoe dat talle Christene nie eers in besonder bewus is van die bestaan van die Stadskerk nie. Diegene wat wel daarvan mag kennis dra, handhaaf 'n houding waar hulle die Stadskerk klassifiseer as die verantwoordelikheid van predikante en teoloë. Verder maak hulle ook die volgende stelling: *"Ek het my kerk en ek is gelukkig daar..."* Hoe opreg en welmenend hierdie oortuigings ook al mag wees, dit is nog steeds nie 'n goeie rede om die bestaan van die Stadskerk ongeldig te verklaar nie.

Die korporatiewe en gemeenskaplike bondgenootskap van die Stadskerk is beslis nie uitsluitlik 'n funksie van, of net binne die omvang van geestelike leiers nie. Die verpligting en verantwoordelikheid om die Stadskerk akkuraat en getrou op die Woord te vestig en dan openbaar te maak, rus op die skouers van elkeen wat hulself 'n seun van God noem!

Belangrik: Laat ek dit duidelik stel! God se plan en oogmerk vir die Stadskerk is nie om die karakter en "geur" van elke individuele kerk of bediening te verwyder of nietig te verklaar nie *(sien 2 Korinthiërs 2:14-17)*. Dit is ook nie die ingesteldheid of strewe van die Stadskerk om die Godgegewe salwing en genade wat op individuele gemeentes rus te vervang of waardeloos te maak nie. Wanneer die geloofwaardige en outentieke Stadskerk tot stand kom, sal dit die Salwing en Genade (God se Goedertierenheid) op elke kerk en bediening in 'n spesifieke stad versterk en ondersteun. Gemeentes sal 'n lewenskragtige bemagtiging en geestelike gesag ontvang soos nog nooit tevore nie. Die doel daarmee is dat elke

gemeente die mandaat wat God aan hulle toevertrou het kan vervul *(Levitikus 26:7-8; Josua 23:9-10)*.

Die vraag is nou, hoe en waarom kan ek hierdie uitspraak maak? Wel, gegewe die feit dat daar stede in Suid-Afrika is waar die Stadskerk alreeds vir 'n geruime tyd bestaan en saam vergader! Ter ondersteuning van die Stadskerke in ons omliggende streek, woon my vrou Annika en ek persoonlik van hierdie byeenkomste by. Boonop vind Stadskerk-byeenkomste nie net in ons omstreke plaas nie. Daar is ook soortgelyke en gereelde samekomste in die ander provinsies van Suid-Afrika. Meer omvattende besonderhede sal ek nie nou bespreek nie, maar die bewyse en stawing van die teenwoordigheid van die Stadskerke in hierdie stede is beide verrassend en buitengewoon.

Laat Ons begin Bou!

Hiermee moedig ek die leser aan om die betroubaarheid en egtheid van God as die Outeur en "Stamvader" van die Stadskerk, ten volle te aanvaar en te omarm! Laat ons die werklikheid en geloofwaardigheid van die bestaan van die Stadskerk verwelkom as deel van God se kragtige eindtydstrategie. Hierdie strategie is daar om ons te lei na die plek en posisie van ***"...die einde van alle dinge is naby..."*** *(1 Petrus 4:7 - AOV)*.

Wanneer ons dus die Kerk en die wêreld waarin ons vandag leef van naderby beskou, kom dit voor asof dit bykans onmoontlik is om die Stadskerk op te rig. Tog is ek daarvan oortuig, en stem ek saam met dié leiers wat ook die Stadskerk-visie sien, dat hierdie taak uitvoerbaar en bereikbaar is. Met die hulp en Leierskap van die Heilige

Gees kan ons die Stadskerk byeenbring en vestig! ***Gevolglik kan ons hiervoor momentum begin skep deur in geloof God te dank vir die volheid en openbaarmaking van die Stadskerk.*** Ek is geheel en al daarvan oortuig dat ***God Sy genoegsame en voldoende Genade oor ons sal vry stel. Dan sal ons in staat wees om met die bou van die Stadskerk te begin*** en deur te druk totdat ons die volheid van God se wil sien ***en*** ervaar!

Soos God se Genade geleidelik begin neerdaal en die lewens van geestelike leiers en hul gemeentes deurdrenk, sal die Gees van Genade 'n definitiewe begeerte in harte skep om medewerkers met Hom te wees. Die gevolg hiervan is 'n bereidwilligheid in die harte van leiers om in 'n gees en postuur van liefde en genade saam te werk *(Psalm 127; Handelinge 4:23-35; 2 Korinthiërs 9:8; 12:9)*.

Wanneer die geestelike leiers van 'n stad God se opdrag gehoorsaam, sal Hy 'n "Stadskerk-Presbiterium" van geestelik volwasse ouderlinge saamstel. Die strukturele geheel van hierdie ouderlinge sal bestaan uit, en 'n samevoeging wees van erkende apostels, profete en geestelike vaders *(Handelinge 6:1-7; Efésiërs 4:11-16)*. Hierdie apostels en vaders sal van so 'n geestelike statuur wees dat niks wat hulle sê of doen sonder die toestemming van ons Hemelse Vader sal geskied nie *(Johannes 5:19, 30; Matthéüs 16:18-19; 18:18-19)*. Hulle sal in volkome nederigheid onderworpe wees aan die Gees van Christus en aan mekaar. Van kardinale belang is die feit dat hulle hulself nie sal afbaken of begrens met denominasionele of ander *mensgemaakte* skeidingslyne nie. Hulle sal ook nie daarop aandring om "titulêr" te wees nie. Dit beteken dat die gebruik van "amptelike" titels (bv. pastoor, profeet,

apostel, biskop, ens.) om mekaar aan te spreek, nie oor die algemeen aanbeveel sal word nie.

Nederigheid en toewyding soos dié sal selfs 'n groter mate en omvang van God se Genade in ons stede aantrek en voortbring. Die daaropvolgende uitwerking sal die barensnood van positiewe transformasie in die raamwerk van geestelike en fisiese atmosfere en dimensies 'n aanvang laat neem *(Handelinge 16:5-34; 20:25-32; 1 Petrus 5:5-6).*

Hoe Doen Ons Dit?

Wel, kom ons gee momentum aan en benader hierdie transformasie proses deur te begin met diep en opregte danksegging. Ons danksegging teenoor die Here moet gefokus wees op die totstandkoming en openbaring van die Stadskerk in ons spesifieke streke. Die eerste stap sluit spesiale tye in waar ons op God wag sodat Hy die leiers wat Hy in ons stad wil gebruik, kan uitwys. Stap twee is om hierdie leiers voor die Here te bring en vir hulle te bid. Die stelselmatige uiteinde sal wees dat God Sy strategie aan ons gaan openbaar met betrekking to die sameroep van ons stad se geestelike leiers.

Die spreekwoordelike uitdrukking, "tydsberekening is alles," is sekerlik aan ons almal bekend! Dis nog meer toepaslik wanneer die fokus gerig word op die bepaling, omskrywing en toepassing van God se strategie vir die Stadskerk. **Die geestelike seisoen waarin ons nou staan is, sonder twyfel, 'n besliste werklikheid en bevestiging om 'n blywende en standvastige Stadskerk op te rig.** Dus, ons moet nie toelaat dat die gras verder onder ons voete groei nie! Kom ons spring aan die werk en vra die Gees van God om ons te lei met betrekking tot Sy tydsberekening vir die

Kerk in ons stad. Laat ons Hom uitvra oor watter leiers ons moet nader en wanneer ons met hulle oor die Stadskerk kan gesels.

Benaderings, metodes en protokolle sal verskil. 'n Telefoonoproep of e-Pos kan die begin wees van 'n gesprek oor die Stadskerk. 'n Koppie koffie of 'n informele maaltyd kan *'n maklike manier* wees *om die ys te breek*. 'n Klein stappie in die geloof kan deurslaggewend wees met betrekking to die bekendmaking van God se wil en doeleindes vir enige stad. Hou altyd die *"eenvoud"* konsep in gedagte waar enige twee gelowiges gereeld bymekaar kom vir gebed en danksegging namens God se Stadskerk.

> *Matthéüs 18, "18 Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees. 19* ***Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is.*** *20 Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde. (AOV) (sien ook Deuteronómium 32:30; Josua 23:10)*

My Gebed vir Jou

Hemelse Vader, ek dank U vir my broer of suster in Christus. Ek weet U het hulle met Krag van bo, deur die Heilige Gees, toegerus. Daarom is hulle in staat en bemagtig om U Wil in hul stad te verrig, juis omdat U Gees in hulle woon (Lukas 24:49).

U Gees word die Gees van Genade genoem (Hebreërs 10:29) en daarom, soos ons U Troon van Genade nader,

dank ons U en ontvang ons U groot, voldoende en genoegsame Genade namens en vir ons stad.

Vader, ons vra dat U sal ingryp in ons stad. In en deur die geloof ontvang ons vandag die welsyn en vrede van hierdie stad waarin ons woon. En, in en deur geloof sal ons gehoorsaam wees aan U en doen wat van ons vereis word om die welsyn van ons stad 'n werklikheid te maak.

Gees van God, ons dank U dat U 'n nuwe en vars inwerking in die harte en denke van ons leiers begin. Ons dank U vir geestelike oë en ore wat oop en ingestel is om te hoor wat die Here vir ons Stadskerk sê. Verder dank ons U dat die "ou seisoen" heeltemaal deur die wind van die Heilige Gees weggewaai word. Ons dank U ook vir die vars wind van die Gees wat hierdie Nuwe Seisoen in die harte van U volk vestig en laat vlam vat!

Vader, ons verklaar dat U Gees op die leiers van ons stad rus. "Die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE" (Jesaja 11:2 AOV). En, soos U Gees op ons stadsleiers rus, gee Hy hulle 'n goeie en akkurate begrip van U wil, want U het hulle gesalf en bevoeg gemaak om die koms van die Koninkryk van God aan almal te verkondig.

Ons wy onsself daaraan toe om vir die stadsleiers te bid, in te tree en te ondersteun. Ons doen dit met die wete en visie dat hulle daagliks in geloof uitstap om U Wil in ons stad tot stand te bring. Ons weier om hulle te oordeel of te veroordeel en verbind ons daartoe om net lewe en dit wat hulle sal opbou uit te spreek (Lukas 6:37 AOV).

Ons spreek God se seën uit oor ons leiers tydens hul samekomste en beraadslagings. Verder verklaar ons dat hierdie samekoms van die leiers in ons stad gefundeer sal wees op U Liefde en Eenheid, sodat die Stadskerk akkuraat gebou en tot stand sal kom.

In die Naam van Jesus!

Erkennings en Verwysings

Hierdie bladsye bevat 'n kort lys van erkennings en verwysings na leraars van die Woord wie se kennis, insig en wysheid bygedra het tot die skryf van hierdie manuskrip. Vir meer inligting oor hul bedienings, klik op die titels van die webtuistes wat onder elke skrywer gelys is:

Pastoor Thamo Naidoo

ThamoNaidoo.com ↗
GATE Ministries, Sandton, South Africa ↗
GATE Global Family ↗
Thamo Naidoo op Facebook ↗
Thamo Naidoo op YouTube ↗

Pastoor Francis Frangipane

Francis Frangipane op Facebook ↗
The Frangipane Chronicles ↗

Dr. Sagie Govender

ABC Ministries ↗
Dr. Sagie Govender op YouTube ↗

Dr. Ben Kleynhans

Shiloh Ministries ↗
Shiloh Ministries op Subsplash ↗
Shiloh Ministries op YouTube ↗

Profeet Shaun Blignaut

Father's Heart Ministries ↗
Shaun Blignaut op Facebook ↗
Heart Leadership Institute ↗

Dr. Kelley Varner

Dr. Kelley Varner se webtuiste ↗

Menlyn Apostoliese Forum (Pretoria Stadskerk)

Menlyn AF ↗

Apostel John Alley

Peace Apostolic Ministries ↗
Peace Apostolic Ministries op YouTube ↗

Biskop Joseph Mattera

Mattera Ministries International ↗
Mattera Ministries International op YouTube ↗

Ander Hulpbronne

deur Jan van Rooyen

Meer hulpbronne deur Jan van Rooyen is beskikbaar by die volgende webtuistes:

www.raininternational.com ↗

OF

www.janvanrooyen.co.za ↗

Skryf aan ons by:

RAIN International SA
Posbus 648
Edenvale 1610
Suid-Afrika

Skakel ons: +27.83.391.7980 ↗

ePos: office@raininternational.com ↗

Teken in op ons e-Pos Nuusbrief, "*Kingdom Lifestyle*," by:

Teken in op Kingdom Lifestyle ↗

OF

ePos: news@kingdomlifestyle.co.za ↗

Luister na OF laai MP3-Boodskappe af:

MP3 Klank Boodskappe ↗

Apostoliese en Profetiese Boodskappe en Hulpbronne

Lees Boodskappe Aanlyn ↗

Profetiese Woorde en Profesieë

Lees Profetiese Woorde Aanlyn ↗

Sake en Besigheids Bediening

Besigheid Seminare & Opleiding ↗

Stuur ons Jou Gebedsversoeke

Deel Jou Gebedsversoek met Ons ↗

Wisdom Books

Hulpbronne vir die Wyse en Praktiese toepassing van Kennis

Wisdom Books ↗

Boodskappe van Dr. Ron Kussmaul

Luister na Dr. Ron Kussmaul ↗

Ondersteun ons Bediening

Hierdie boekie sal jou nie langer as 120 minute neem om te lees nie. En, ek gee dit gratis aan jou. Dis joune om te lees en te geniet. Maar, ek vra jou 'n groot guns? My

hoop is dat sodra jy hierdie boekie klaar gelees het, die waarde daarvan soveel vir jou sal beteken dat jy graag 'n bydrae sal wil maak! Dit kan jy op twee maniere doen:

Eerstens, deel dit met iemand anders sodat hulle ook die seën en nuttigheid daarvan kan geniet. ***Tweedens***, gaan na **RAINInternational.com/Gee** waar jy ook finansieel kan bydra met soveel as wat jy dink dié boekie vir jou werd is. Dit kan vyftig Rand wees, of dit kan 500 wees... Dis absoluut jou besluit!

Baie dankie vir Jou Ondersteuning!

Jan van Rooyen

Nuwe Skeppingswerklikheid

"DANKSEGGING: JOU PAD NA 'N DIEPER VERHOUDING MET GOD" HANDEL OOR:

* Nuwe Insig en 'n Verdieping in Jou Verhouding met God
* Die Feit dat Danksegging God se Wil is vir Jou
* God se duidelike Opdrag om Dank aan Hom te Betoon!
* Danksegging as 'n Blywende Gesteldheid van die Hart
* Danksegging: Getrouheid aan God se ewige Verbond
* Die Betekenis van Danksegging in die Ou en Nuwe Testamente
* Die Betekenis en Waarde van Hande Ophef met Danksegging

Hierdie bundel vind sy oorsprong vanuit 'n boodskap wat ek op Sondag, die 26ste November, 2023 met 'n familie Gelowiges gedeel het. Ons het dié dag toegewy as 'n dag van danksegging, met 'n dankseggings ete, 'n oomblik van bepeinsing, gedagtes deel met mekaar, en samesyn.
Die belangrikheid van Danksegging het duidelik geword aan almal toe ek die basiese beginsels van Danksegging uiteengesit en verduidelik het. Vele gelowiges in die Liggaam van Christus versuim om die Here en diegene rondom hulle voldoende te dank. Wanneer ons die Skrif ondersoek, ontdek ons die belangrikheid van hierdie geloofs-aksie en hoe dit oor en oor in die Bybel beskryf word. ***Maak Danksegging deel van jou daaglikse leefwyse!***

Jan van Rooyen is Hoof Ouderling van RAIN International Suid-Afrika. Hy gee onderrig in die Woord asook aktuele opleiding m.b.t. die Nuwe Apostoliese Seisoen. Sy doel is om die Kerk in dié Nuwe Seisoen tot akkurate belyning te bring m.b.t. die doelwitte en hart van God. Sy hoofvisie is om te sien dat Christus en Sy Natuur in die Kerk gevorm word en tot volwassenheid kom. Jan woon saam met sy vrou, Annika, in Johannesburg, Suid-Afrika.

RAIN INTERNATIONAL PUBLICATIONS

BY NC ND
SOME RIGHTS RESERVED

"Facilitating Conformity to the Image of Christ"
P.O. Box 648
Edenvale 1610, South Africa